

HANDLEIDING

VIR DIE

JONGELIEDEVERENIGING OP GEREFORM. GRONDSLAG

Deur
D. GERBRAND VENTER



Uitgegee in Opdrag van die Generale Sinode, 1942, Art. 128

deur

Die Kalvyn Jubileum Boekfondskommissie

P.K. Noordbrug, Potchefstroom.

TB 267-6
VEN

HANDLEIDING

VIR DIE

JONGELIEDEVERENIGING

OP GEREK. GRONDSLAG

Deur

D. GERBRAND VENTER



Inhoud

INLEIDING.....	3
DIE JONGELIEDEVERENIGING OP GEREFORMEERDE GRONDSLAG.	5
HOOFSTUK I.....	5
A. AFGRENSING.	5
B. DOEL.....	7
C. TAAK.....	10
DIE JONGELIEDEVERENIGINGSVERBAND.....	21
HOOFSTUK II.	21
A. BOND.	21
B. BONDE.....	25
C. VERBAND MET ANDER JEUGARBEID.....	27
ALLERLEI.....	31
HOOFSTUK III.....	31
A. WERKMETODE.....	31
B. "KNAPENVERGADEBING.".....	33
C. GEMEENTELIKE SAMEKOMS.	37
D. TOESIG.....	39
E. BONDSREGLEMENT (Nederlandse).....	41
F. MODEL-AFDELINGSREGLEMENT (Nederlandse).....	53
G. BONDSREGLEMENT (Transvaal).....	59
H. BONDSREGLEMENT (Kaapprovincie).	65
I. STATUTE (Leidraad vir Verenigings).	68
J. LEIERSKAP (Leidraad).	70
K. ONDERVERDELING.....	72
LIEDERE.....	75
Enkele vir gebruik van J.V.'s.....	75
WAAK.....	75
BONDSROEP.....	76
DIE CHRISTENNAAM.....	77
JEUGLIED.....	77
NEEM OP U KRUIS.....	78
GETROU.....	79
EER JOU SKEPPER.....	80

[3] INLEIDING.

Die vraagstuk, waarmee ons te doen het by die behandeling van die J.V. op G.G., is nie die van die kind en ook nie een van die grootmens nie, maar van die mens, wat nie meer kind en nog nie grootmens is nie. Daarom kan ons nie die woord "jeug" hier gebruik nie, omdat dit ook die kind insluit. Ons moet dus 'n benaming hê, wat suiwer net bepaal by die tussen- of oorgangstoestand. Dit gaan oor die *jongmens*.

Die meesbekende en erkende benaming is die van die "rypere jeug." Ook word gebruik "rypende jeug" en "neopaedie." Ons sal hier maar gebruik die gewone benaming die "rypere jeug" en daar onder verstaan die *jongmens*.

Spreek ons nou van die rypere jeug, dan moet ons onderskeid maak tussen "jeugsorg" en "jeugbeweging." *Jeugsorg* is belangstelling, arbeid, sorg, inisiatief wat uitgaan van die huis, die kerk, die staat en die maatskappy en as voorwerp het die rypere jeug, die *jongmens*. *Jeugbeweging*, aan die anderkant, wys op 'n inisiatief, wat van die *jongmens* self uitgaan. Hier is die *jongmens self* die handelende persoon. Hy is nie voorwerp nie, maar onderwerp van die handeling. Ons het dus met twee duidelik te onderskeie aksies te doen. Dit moet vir ons vasstaan.

By die *jeugsorg* word daar 'n bepaalde doel vir die jeugsorg vasgestel, dikwels heeltemal buite die wete en kennis van die jeug self. So het bv. die kerk sy doel, die staat weer 'n ander doel, terwyl die maatskappy nog 'n ander doel met jeugsorg en jeugarbeid het. By die *jeugbeweging* word nie die doel vasgestel nie. Die *jongmense* bepaal self hul doel, omdat die aksie van hulle uitgaan en hulself betref.

Dit bring ons by 'n verdere noodsaaklike onderskeiding.

By die *jeugbeweging* mag die doel en aksie van die *jongmense* bepaald of ook meer algemeen wees. As hulle 'n organisasie in die lewe roep sê bv. vir liggaamsoefening, vir een of ander sport, vir 'n beter gebruik van hul vrytyd (Voortrekkers), skietverenigings, Bybelverenigings, dan het hulle daartoe die volle reg, maar dit is dan jeugbewegings van 'n besondere aard en dit moet ons onderskei van jeugbewegings van algemene aard, soos bv. die Jongeliedevereniging, wat as doel het die ^[4] voorbereiding en vorming van die *jongmens* vir die toekomstige roeping en taak op *alle* terreine van die lewe. Hier word die *jongmense* nie meer voorberei nie. Hulle doen dit hier self. Dit is selfwerkzaamheid, wat vir die *jongmens* in sy toestand onontbeerlik en enig van aard is. Dit sal wel genoegsaam uitkom by die verdere behandeling van hierdie belange.

Verder is dit seker baie nodig om te weet waar die oorsprong van die jeugsorg en die jeugbeweging lê en wat die ontwikkeling was. Daarom volg hier nou nog 'n baie beknopte geskiedkundige oorsig.

'n Rypere jeug was daar altyd. God se ordinansie is eenmaal so. Daar is geen verandering van hierdie loop van sake gewees nie. Maar ook net soos daar altyd 'n rypere jeug was, so was daar ook altyd oral die vraagstuk van die rypere jeug, omdat dit die oorgang van die een geslag na die ander vorm, en geskiedenis is nie iets wat stilstaan of dieselfde bly nie. Dit het sy loop, van geslag tot geslag.

Buite om die *jongmense* word daar geroep: "Gee ons die kind," omdat elkeen weet dat die kind, later die *jongmens*, straks die man en die vrou van die toekoms is. "En ik wil mij zelf wezen." Dat is *de stem van den jongen mensch zelven*. Laat ons de kracht van deze stem niet onderschatten. Zij heeft het voordeel van den ongebroken wil en het bruisend enthousiasme. Want de jeug van heden wil eigen wegen banen, niet meer de platgetreden paden der ouderen bewandelen" (Knoppers: Jeugd en Jeugdbeweging dl. I, bl. 10).

Daarom was daar ook altyd in een of ander vorm 'n jeugsorg. Maar eers sinds die vorige eeu se laaste helfte het daar opgekom 'n meer georganiseerde jeugsorg, wat van allerlei liggame uitgegaan het en baie goeie werk gedoen het. Die eerste jongeliedevereniging met 'n vaste reglement is opgerig op Basel in die jaar 1825. In Londen het die

jeugarbeid begin met die oprigting van The Young Men's Christian Association in die jaar 1844. Nege jaar daarna dateer die begin van jeugarbeid in die Nederlande.

Al hierdie genoemde jeugarbeid was nog nie op 'n vaste basis nie en sonder enige begrening. Dit was gemengd, jeugsorg en jeugbeweging, omdat die doel was om vir die jongmense, deur die jongmense, te sorg, hoewel die inisiatief van die oueres uitgegaan het. Eers in 1896 kom daar verandering en wel op 'n manier wat tipies is van die jongspan. In daardie jaar is die "Wandervögel," 'n suiwer *jeug*beweging in Duitsland begin. Ongelukkig was die leidende beginsel van hierdie "uitbarsting" van die jeug eenvoudig emansipasie en negasie en het ook 'n vreeslike verwildering meegebring in die loop van die tyd. Vir die eerste keer in die geskiedenis is die jeugbeweging in suiwer Calvinistiese bane gelei tydens die kragtige oplewing van hierdie lewensbeskouing, toe in die Nederlande naas die gewone jeugbewegings, wat feitlik maar evangelisasie was, gestig is die Nederlandse ^[5] *Bond van Jongelingsverenigings op Gereformeerde Grondslag* (1888). Knoppers (Jeugd en Jeugdbeweging dl. I bl. 28) sê van hierdie beweging dat dit 'n *jeug*beweging is, "waarin het beginsel van de zuivere jeugdbeweging, zelfopvoeding en, zelfregering, plaatselijk, geheel werd doorgevoerd." Die stigter en eerste voorsitter van hierdie jeugbeweging was die bekende J. E. Vonkenberg.

In Suid-Afrika het ons in die begin gehad *Jongelingsverenigings*. Later eers kry ons *Jongeliedeverenigings*. Dit was almal eintlik maar 'n jeugsorg van die kerk. Los van die kerk het ons die Debatsverenigings gekry. Dit was weer die maatskappy se jeugsorg en het beoog die kulturele vorming van die jongmense. Vandag staan feitlik alle jeugorganisasies onder die kerk, die maatskappy of die staat en kan maar net so goed jeugsorg genoem word.

Ook in Suid-Afrika was die begin van 'n suiwer jeugbeweging op 'n vaste grondslag in die kringe van die Calvinisme, by die jeug van die Gereformeerde kerk in S.A. Na die tweede Vryheidsoorlog is enkele jongelingsverenigings na die model van die Nederlandse Bond van Jongelingsverenigings op Gereformeerde Grondslag in S.A. gestig. In 1917 is daar 'n konferensie van s.g. jongelingsverenigings op Reddersburg gehou. Hier het die jeugsorg-beginsel alles oorheers. Eers in 1925 het dit enkele "Jongelingsverenigings op Gereformeerde Grondslag" in die Transvaal geluk om bymekaar te kom en die eerste Bond in S.A. te stig. In die volgende jaar is die Bond van J.V.'s op G.G. in die Kaapprovinsie gestig. Die Oranje Vrystaat het enkele jare daarna ook hul Bond gekry en saam met die ander twee 'n Federasie van Bonde van Jongeliedeverenigings op Gereformeerde Grondslag gevorm.

Elektroniese weergawe

In hierdie teks word die oorspronklike bladsynommers soos volg aangedui
[xx].

[6] DIE JONGELIEDEVERENIGING OP GEREFORMEERDE GRONDSLAG.

HOOFSTUK I.

A. AFGRENSING.

Dit is van die allergrootste belang dat voor alles vasgestel word die juiste grense van hierdie suiwer Calvinistiese jeugbeweging in S.A. Van hierdie gedagte uitgaande, moet ons eers nagaan wat die wese van die Jongeliedevereniging is. Dan moet ons duidelik weet wat die *aard* is, asook die *karakter* om dan tenslotte te vra op watter *terrein* die Jongeliedevereniging staan.

As hierdie dinge eenmaal duidelik vasstaan, sal daar seker veel weggeruim wees wat anders verwarrend werk, en sowel die saak as die werk van die Jongeliedevereniging laat skade ly.

1. Wese.

Die Jongeliedevereniging op Gereformeerde Grondslag is, soos sy naam ook ontwyfelbaar vasstel, 'n *vereniging*. In hierdie opsig is hierdie jeugbeweging presies dieselfde as enige ander vereniging. Al die grondbeginsels, wat geld vir die organisering van die gemeenskap, vind ons hier ook, net so goed as by ander verenigings van watter aard ook. Dit dra dieselfde vernaamste kenmerke as die ander verenigings, naamlik dat dit opkom op inisiatief van die lede van die maatskaplike lewe, dien die doel wat die lede daarmee voor oë gestel het en maak gebruik van sulke middels as wat die lede, met die oog op die doelstelling, self vasstel.

Die Jongeliedevereniging is, dit moet vas staan, 'n *vereniging in wese*.

Aanvaar ons dit, dan is daar die geleentheid, dat die Jongeliedevereniging sy eie vlerke kry en opswewe in die ruimtes wat God se ordinansies daarvoor gestel het.

2. Aard.

En tog is daar ook weer 'n baie duidelike skeidslyn tussen hierdie en al die ander verenigings, en 'n mens veronagsaam nie strafloos hierdie helder grenslyn nie, naamlik dat die Jongeliedevereniging is, soos sy naam ook aandui, 'n vereniging van *jongmense*. Daarmee is hierdie beweging bepaal as 'n beweging wat van jongmense uitgaan en staan vir jongmense. Dit is hul voorreg van God dat hulle mag organiseer in 'n eie beweging met 'n eie doelstelling en deur eie middele.

Ons moet dus die Jongeliedevereniging tel onder die menigte jeugorganisasies. Dit is 'n beweging wat onderskei moet word van alle ander organisasies van manne, vroue, vakke en professies ens. Maar dit is ook weër nie 'n beweging van *jongelinge*, ook nie een van *jongedogters* of meisies alleen nie, maar van en vir jongeliede, jongmense, jongelinge en jongedogters saam.

[7] Hierdie vasstelling van die aard van die Jongeliedevereniging as 'n suiwer jeugbeweging, 'n vereniging van jongmense het 'n baie beslissende betekenis. Uit opvoedkundige en sielkundige oogpunt gesien kry die beweging dan 'n eie plek, 'n eie taal en 'n eie werkmetode. Sien ons dit verby, kan dit alleen noodlottige gevolge meebring.

3. Karakter.

Is die Jongeliedevereniging op Gereformeerde Grondslag onder die vele verenigings 'n jeugbeweging, dit neem ook 'n eie plek in onder die menigte jeugbewegings van allerlei aard en karakter. Dit is onteenseglik gekwalifiseerd en dra sy eie karakter in onderskeiding van al die ander rondom hom. Die J.V. op G.G. het as 't ware 'n eie, sterke persoonlikheid.

Ook dit, hierdie eie karakter, spreek weer uit sy naam.

Die J.V. op G.G. dra nie die naam van *Christelike* jongeliedevereniging nie. As dit die geval was, sou sy karakter meteens verduister en verdoesel wees. Die byvoeging *Christelik* tog is veels te vaag. 'n Roomse, 'n Russellitiese jongeliedevereniging kan net so goed 'n Christelike jongeliedevereniging genoem word. Allerlei sektes selfs kan hul jeugbewegings Christelik noem. En daarom dra die J.V. of G.G. nie die naam van Christelike jongeliedevereniging nie.

Ook hier moet daar 'n besliste kleur wees, 'n bepaalde en ontwyfelbare klank gehoor word. Daar moet die duidelikste grenslyn wees om die eie karakter van die J.V. of G.G. uit te bring. Juis daarom het die beweging gekies die naam: Jongeliedevereniging op *Gereformeerde Grondslag* en in sy Reglement staan dit as met blink letters geskryf: sy grondslag is die *Woord van God, die Bybel*. Dit is die vaste rots waarop gebou word; dit is die norm wat geld in hierdie jeugbeweging. Dit is die ontwyfelbare in sy kleur.

Maar daar mag opgemerk word dat ook die sektes hulle grond op die Woord van God. Dit is volkome waar, maar die J.V. op G.G. stel nie net die Woord van God as sy grondslag nie. Die J.V. op G.G. kwalifiseer dit en sê *Gereformeerde* grondslag. In hul Reglement word dit as volg verklaar: die Woord van God is hul grondslag en wel soos dit opgevat word in die Drie Formuliere van Enigheid van die Geref. Kerk. Dit is baie *breed*, omdat hierdie Drie Formuliere van Enigheid die Belydenis is van al drie die Afrikaanse Kerke in S.A. Maar dit is tog ook weer pragtig *bepaald*. Hier is geen sektewryheid nie, maar 'n suiwere eeue-oue Belydenis, bestaande uit. Die Heidelbergse Kategismus, Die Nederlandse Geloofsbelydenis en Die Dordtse Leerreëls. Hier kan dus geen misverstand bestaan nie. Nog meer. Dit lê daarmee ook 'n hegte band tussen die Jongeliedevereniging en die Kerk van die Here, soos later nog breedvoerig sal aangetoon word.

4. Terrein.

In hoofsaak is daar drie groot erkende lewensterreine, nl. die terrein van die *Kerk*, die *Staat* en die *Maatskappy*. So spreek die ^[8] Reglement van hierdie jeugbeweging ook en stel as doel vas om die jongmense die Gereformeerde beginsels vir Kerk, Staat en Maatskappy te leer ken en bely.

Die vraag is nou op watter van hierdie drie terreine moet ons die Jongeliedevereniging soek. Staan dit op die terrein van die *kerk*? Daar is seker 'n baie groot menigte mense, wat sommer dadelik hierop bevestigend sal antwoord. Laat ons maar deurdink en ondersoek of hulle reg is. Dan mag ons nie vergeet nie dat die kerk 'n eie terrein is, nl. die van die wedergeboorte, wat God deur die werksaamheid van sy Heilige Gees in hierdie wêreld inbring. Daardeur word op aarde ingedra 'n nuwe lewe, wat daar nie was en ook nie kon kom nie. Vir hierdie nuwe lewe het die Here God ook weer sy bepaalde ordinansies gegee en vasgestel. Daarom het die Koning van die kerk ook aan hierdie lewe die nodige organe, waardeur dit funksioneer, gegee in die ampte (Koning, Profeet en Priester). Dit kon nie anders nie, omdat die doel en werksaamheid van die kerk anders is as al wat ons het en weet. Dit kom van bo en strek hom ook weer uit na wat bo is.

Dr. H. H. Kuyper sê so mooi en so beslis (Kyk Leeuwarder Bondslag 1907 bl. 20) die "jongelingsvereniging" kom "niet uit de *geïnstitueerde* kerk, omdat *Gods Woord, dat hier aileen te beslissen heeft, nergens aan de amptsdragers de roeping oplegt om de jongelingsverenigingen te stichten of in stand te houden.*" (Kursief van ons). In die kerk is daar maar een owerheid en een organisasie nl. wat die Heilige Skrif vir ons bepaal. In die kerk kan nie twee soorte owerhede en twee soorte organisasies wees nie: die een van die KONING van die kerk (soos ons dit in die kerk het) en die ander 'n *vrywillige* lidmaatskap, soos alle verenigings is (as eienskap het). Hierdie twee dinge sluit mekaar uit. Dit maak òf los van die kerk òf los van die vereniging.

Dit is wel waar dat die lidmate as lidmate, dan in die amp van die gelowiges, kan en mag bymekaar kom, soos dit ook geskied in die bekende *Gemeentelike Samekomste* (Kyk aanhangsel), maar hulle het daar geen ander taak, doel of plig nie as wat hulle as

lidmate, altyd onder die een kerklike owerheid, het, sonder enige keuse, wat hulle wel in 'n vereniging het. Sodra daar 'n versoening van hierdie twee beginsels, nl. van die kerkregering en van 'n verenigingsorganisasie beproef word, verdeel ons daarmee ons huis in twee.

Die jongeliedevereniging is dus nie 'n deel van die kerk en staan ook nie op die terrein van die kerk nie.

Moet ons dan die jongeliedevereniging soek op die terrein van die *staat*? Nee, ook hier moet ons ontkennend antwoord. Rede daarvoor is dat God die owerheid daar gestel het en met mag bekleed het (Gen. 9:5-6 en Rom. 13:1-4). God het dus die owerheid daar gebring, nie ons nie. Ons mag wel geroep word om die persone aan te wys. Die magsbekleding is egter van God, wat ook op hierdie terrein sy ordinansies gegee het. Die owerheid moet elkeen eerbiedig om Godswil. By die vereniging is dit anders gesteld. Daar het 'n mens keuse. Jy kan saamgaan ^[9] of wegbly. Niks verplig jou nie. Om van 'n verpligte lidmaatskap van 'n vereniging te praat, is 'n teenstrydigheid, waaroorheen nog net die sosialisme gestap het. 'n Vereniging se bestuur of regering is iets wat die lede in die lewe roep en bepaal. As dit ophou om te bestaan, dan is dit nie iets kwaads nie.

Dus op die terrein van die staat moet ons die J.V. ook nie doek nie.

Die jongeliedevereniging moet ons soek op die terrein van die *maatskaplike lewe*, waar daar allerlei organisasies opkom uit die mense en gevorm word na die nood van die tyd. Dit is wat die ou dr. A. Kuyper noem "partikulier initiatief" (Encyc. III p. 550). Hy sê verder: op hierdie terrein lê "de zorge voor het Christelijk leven in het eigen huisgezin, de zorge voor de *oprichting* en *instandhouding* van Christelijke scholen, de zorge voor de Zondagsschool (nie die katekisasie nie, maar *Sondagskool*), het saamenkomen in Collegia pietatis en *Jongelingsverenigingen*". (Kursief van ons).

Dit pas ook volkome in by ons stelling dat die *jeugbeweging* 'n eie aksie van die jongmense is, en moet onderskei word van alle *jeugsorg*.

Die jongeliedevereniging is dus iets van die maatskaplike lewe, staan en werk op hierdie terrein nl. van die georganiseerde gemeenskapslewe, die maatskappy.

B. DOEL.

Wanneer ons kom by die *doel* van die jongeliedevereniging, dan moet ons leer om die vraag insake die doel duidelik te stel. So hoor ons dikwels dat die vraag as volg geformuleer word: "Waarvoor word die J.V. opgerig en aan die gang gehou?" Dit is verkeerd, omdat hier van 'n veronderstelling uitgegaan word wat nie suiwer is nie. Dit is naamlik dat die jongeliedevereniging eintlik, in werklikheid 'n *middel* is om 'n doel buite die J.V. te bereik. Die J.V. het dan geen doel nie, omdat dit middel gemaak is. Dit dien maar net om 'n doel, wat buite die J.V. self lê en deur andere bepaal word, te bereik. En daar is seker niks so dodend nie, veral vir die jongmense, as om die stille besef te hê dat hy *gebruik word*, al is dit ook deur homself.

By die begin van die georganiseerde jeugarbeid is dan ook uitdruklik van bogenoemde veronderstelling uitgegaan. Die organisasie was maar net 'n blote middel tot 'n doel. Knoppers (Aangehaalde werk dl. II bl. 33) skryf as volg: "Dit *oudste Verbond* in die Jeugdbeweging in Nederland werd opgericht 23 October 1853.

"Haar oprichting is een vrucht van het Reveil Dit Reveil, ontstaan in Engeland vooral onder methodistische tendenzen, heeft in Nederland nieuw geestelijk leven gewekt Het waren enkele jong mannen, die door het gevoel van de hoogere eenheid en in het besef van den grooten geestelijken nood onder die jonge mannen, bijeen kwamen, niet om een Christ. Jongel. Vereeniging te stichten, een Ned. Jongel. Verbond te maken; neen, zij ^[10] zochten elkander, ze zochten gezamenlijk hun Heiland beter te dienen; ze zochten iets te doen om andere jonge mannen en jongens te helpen in hun geestelijken nood, en dat was hun vereeniging, dat hun Verbond." (Bl. 35).

Die doel is hier om *deur jongmense aan jongmense geestelike arbeid te verrig*, hulle te behou en te bewaar. Dit kom feitlik op evangelisasie in ruimer sin neer. Dit is die doel, waarop gemik word as daar gevra word waarvoor word die J.V. opgerig en aan die gang gehou. Maar Evangelisasie is duidelik 'n taak van die kerk van die Here en mag nie oorgemaak word aan watter vereniging ter wêreld ook nie. Die jongeliedevereniging mag ook nie gebruik word deur die kerk om te doen wat hy *amptelik* verplig is om te doen nie. Die *kerkraad*, die enige wettige regering in die kerk, moet hier werk, metodies en sistematies. Niemand anders kan en mag dit doen soos die kerk dit doen nie, anders sou dit niks anders beteken as dat die kerklike organe en middele, soos God dit gegee het, ontoereikend is. Dit mag ons nooit eers veronderstel nie. As ons dit sou doen, sou dit 'n belydenis van die kerk se kant wees dat hy magteloos staan. In hierdie lig mag die kerk nie gesien word nie. Maar ook die jongmense kom in 'n vals posisie. As hulle moet doen, wat die kerk eintlik moes doen, dan is hulle eintlik nie meer jongmense nie. Dit stry ook ernstig met die opvoedkundige en sielkundige beginsels, wat vir die rypere jeug geld. Jongmense is diegene, wat helderheid bo alles soek, en dit moet hulle afstoot as hulle eenmaal te wete kom dat agter die middel 'n doel, wat buite hulle lê, weggesteek sit. Die praktyk wys dit ook ondubbelsinnig uit. Jongmense verloor baie gou hul belangstelling en daar bly maar net enkele bittereinders oor in die J.V.

Ons moet dus nie die doel buite die jongmense, die J.V., in iets anders stel nie. Die doel van die jongeliedevereniging is nie Evangelisasie of kerkie-kerkie speel nie.

Die vraag moet dus gestel word waarvoor is die jongmense verenig in 'n organisasie van hul eie? Dit is wel waar dat, hoe die vraag ook al gestel word, ons daarin geen waarborg het nie dat daar nie misvattinge sal wees nie. Bv. as die jongmense dan nie vir evangelisasiedoeleindes bymekaar is nie, d.i. as die doel nie buite hulle in iets anders gestel word nie, dan moet die doel in hulself gesoek word. Dit het ook gebeur en dit gebeur nog. Die doel is dan stigting, geestelike opbou van mekaar sonder en los van die kerk.

Hierdie rigting voer ons nog verder weg van die regte pad en van die eintlike doel van die jongeliedevereniging, omdat dit ons voer op die pad van die geestelike bevindinge en ingewinge, soos die geskiedenis ook uitwys. Vir jongmense veral is dit baie gevaarlik en dit verloop al baie gou in allerlei onnatuurlike vromighede. Dit maak kerklos en ook Bybel-los en vermenslik die godsdiens.

In geestelike ondervinding en ingewing moet ons dus nie die doel van die jongeliedevereniging soek nie. Mistisisme is maar aldeer 'n gevaarlike iets.

[11] Daar is nog 'n derde verkeerde rigting, waarteen ons moet waak. Daarin mag ook nie die doel van die jongeliedevereniging gesoek word nie, omdat dit ook lê buite die jongmense en buite hul vereniging om. Ons beoog hier die doel om die jongmense weg te hou van die wêreld se dinge; hulle bymekaar te maak en, in plaas van die genot, plesier en vreugde wat die wêreld bied, ook genot, plesier en vreugde te verskaf. Só moet die programmetjies ook baie lig wees, min bied en baie oorlaat vir die s.g. gesellige samekoms. Hier lê die doel in afleiding, geselligheid en wat dies meer sy. Die jongeliedevereniging is dan 'n troostertjie en niks meer nie.

Daar is natuurlik geen beswaar om vir die jongmense 'n geselligheidsvereniging te gee nie. Dit sal ook baie help om hul vrytyd beter te gebruik as gewoonlik. Ongetwyfeld sal dit afleiding verskaf en 'n vergoeding wees vir wat hulle anders mis in die groot wêreld van plesier. Maar dit is tog nie die doel van die jongeliedevereniging nie. Vir die jongeres, nog voor die rypingstyd, sal dit miskien nog kan, maar sodra die seun of dogter die werklike oorgangstydperk bereik moet geselligheid 'n by-ding wees en nie die hoofskottel nie. Die jongmens het dan 'n soort erns, wat baie dieper is as ons meestentyds besef. Hy soek vastigheid en vaste spyse. Dit is ook die rede waarom die ou Debatsverenigings in die verlede somer soos paddastoele opspring en weer soos moremis verdwyn. Hulle was soos "Oom Gysbert van Graan" en het omtrent net dieselfde diens bewys.

Dus geselligheid, afleiding, of wat 'n mens dit ook al mag noem, is nie die doel van die jongeliedevereniging nie. Gelukkig ook nie, want daar is 'n heerlike en hoë doel, 'n baie definitiewe doel, wat nie buite die vereniging lê nie, maar in die jeugbeweging self.

In Nederland het die Gereformeerde jeugbeweging deurgedring tot die suiwere doelstelling van die jongeliedevereniging. Calvinisme het hier ook weer baanbrekende werk gedoen. Laat ons maar weer luister na Dr. Knoppers (aangehaalde werk, dl. II, bl. 109). Hy sê: *"Het Nederlandsch Jongelingsverbond is vrucht van het Reveil, de geestelijke opwekking, welke in de eerste helft van de negentiende eeuw invloed ook in ons land (Nederland) deed gelden, al bleef haar werkingssfeer ook bepaald tot enkele kringen van ons volk. De Nederlandsche Bond van Jongelingsverenigingen op Gereformeerde Grondslag is vrucht van het Calvinisme, de machtige richting, door Mr. Groen van Prinsterer en anderen ingeluid, door Dr. A. Kuyper en de zijnen heroiek voortgestuwd en door God wonderlijk gezegend, haar werking doen gevoelende op alle terrein des levens bij hen, die de absolute souvereiniteit Gods erkenden en voor het absolute gezag der Heilige Schrift bogen."*

Wat is nou gebore, na worsteling gebore uit hierdie rigting? Hier is dit. Knoppers sê (bl. 112/113): *"Het Gereformeerde beginsel wees ook aan den arbeid der Jongelingsvereniging een eigen terrein. Als taak (kursief van ons) der [12] Jongelingsvereniging werd aangewezen: voorbereiding en bekwaammaking voor het latere leven. Afgewezen werd redden of evangeliseeren..... Hiermee werd echter niet een speciaal doel voor de Amsterdamsche Jongelingsverenigingen gesteld, maar voor de Gereformeerde Jeugdbeweging in haar geheel."*

Agter die doelstelling vind ons dus 'n *beginsel*. Daar is gestig 'n *"Bond van Vereenigingen, waarbij de souvereiniteit der Vereenigingen gehandhaaf bleef."* Die formulering van die doel van die Jongelingsvereniging in Nederland het eendelik vastigheid bereik en mag hier wel in sy geheel aangehaal word: "Het doel van de organisatie der Jongelingsverenigingen op Gereformeerden Grondslag in een nationaal verband is, die organisatie, voor zoover dit met het karakter der jongelingsvereniging is overeen te brengen, dienstbaar te maken aan den in- en uitwendigen bloei der reeds bestaande of nog op te richten jongelingsverenigingen op Gereformeerden Grondslag in Nederland." Die tweede deel van die Artikel lui: "De Bond beschouwt als de roeping der jongelingsvereniging op Gereformeerden Grondslag om, overeenkomstig ons Calvinistisch volkskarakter, werkzaam te zijn tot het doen kennen en belijden der Gereformeerde beginselen voor Kerk, Staat en Maatschappij."

By hierdie ontwikkeling van die Gereformeerde Jeugbeweging in die Nederlande is aansluiting gesoek deur die jongmense van Gereformeerde oortuiging in S.A. Hulle het dieselfde doelstelling vir hul jongeliedevereniging aanvaar vanaf die eerste Bondsvorming.

Daarmee word dan vasgestel dat die jongeliedevereniging se doelstelling 'n prinsipiële doelstelling is. Dit vloei uit 'n beginsel voort en spruit uit die beweging self op. Maar dit vervlugtig die vereniging ook nie. Enersyds word daarmee 'n regte bodem, waarin die worteling kan plaasvind, helder en duidelik aangebied nl. ons Calvinistiese volkskarakter. Dit lê 'n onbetwisbare band tussen die jongeliedevereniging en die volkslewe en maak nie van die vereniging 'n oliedruppel op die waters van die volkslewe nie. Vir die verdere ontwikkeling van hierdie jeugbeweging kan dit nog baie beteken in die toekoms. Andersyds bied dit die ruimte, wat die jongmens nodig het en ook behoef (Pred. 11:9-12:1), omdat hierdie doelstelling die jongmens die Gereformeerde beginsels vir *Kerk, Staat en Maatskappy* wil leer ken en leer bely. Dit is dus so ruim soos die "blou van onse hemel."

Dit kom dus hierop neer dat die doel van die jongeliedevereniging nie is evangelisasie, nie "stigting," ook nie geselligheid of vermaaklikheid nie. Nee, gegrond op die Woord van God, soos opgevat in die drie formuliere van Enigheid van die Afrikaanse kerke, het die jongeliedevereniging 'n ontwyfelbare fondament en 'n suiwere verband met die kerk, en deur sy duidelike en prinsipiële doelstelling 'n natuurlike, deur die ordinansies van God

geregverdigde worteling in die volkslewe met 'n deur opvoedkundige en sielkundige beginsels gesteunde verband met alle terreine van die lewe.

[13] Dit is die jongeliedevereniging op Gereformeerde Grondslag in S.A. se doelstelling, suiwer na alkante toe.

C. TAAK

Tot hiertoe het ons ondersoek die *terrein* met die regte afgrensing; die *doel* van die jongeliedevereniging, prinsipieel vasgestel, en nou moet ons oorgaan tot die bespreking van die *taak* van die J.V.

Dit is van die allergrootste belang. Gedurigdeur kom die vrae: wat doen die J.V.; wat is die program van werksaamhede; hoe moet die werk gedoen word? Op al hierdie vrae moet 'n duidelike en definitiewe antwoord gegee word, maar die antwoord moet nie die resultaat van gissing wees nie. Ook hier moet gesoek word na *beginsels*, eweged as by die vasstelling van die terrein en die doel van die jongeliedevereniging.

Het ons sulke beginsels? Ja, gelukkig, daar is beginsels wat ontwyfelbaar vasstel *wie* in die jongeliedevereniging die handelende persoon, die subjek is; *wat* daar te doen is in die J.V. en ook *hoe* die werk moet gedoen word. In hierdie volgorde wil ons die taak van die J.V. behandel en dit probeer so, duidelik en eenvoudig moontlik stel.

1. *Wie* in die jongeliedevereniging die handelende persoon is.

In algemeen is daar by alle volke 'n viertal tydperke in die menslike lewe aan te wys. Die eerste is die *kinderlike* leeftyd. Dit gaan oor in die *puberteitsjare*. Die derde periode tree in met die *huwelik* en die laaste is dan die *ouderdom*. (Vergelyk dr. H. Bavinck: De Opvoeding der rijpere jeugd).

Die puberteitsjare is dan so ongeveer van die 14de jaar tot sowat die 21-22ste lewensjaar. Dit is die periode van die jongmens se ontwikkeling. (Vergelyk hier dr. J. P. Smuts: Godsdiensonderwys).

Die antwoord, die kort antwoord op die vraag wie in die jongeliedevereniging op tree is dus: die *jongmens*. Die jongmens is hier die handelende persoon, die subjek van die aksie.

Dit sluit dan volkome aan by wat ons reeds gevind het nl. dat die doel van die jongeliedevereniging nie buite die organisasie in iets anders lê nie, omdat dan die jongmens nie meer die handelende persoon is nie maar 'n blote instrument van ander handelende persone, maar in die J.V. self.

Ons aanvaar dus dat die jongmens die handelende persoon in die J.V. is en moet nou voortgaan tot die belangrike vraag: *mag* en *kan* die jongmens wel optree, die handelende persoon wees? Hierop mag en kan die antwoord beslis ja wees. Ons het daarvoor onomstootlike gronde.

Allereers het ons die getuigenis van die Heilige Skrif. Die Skrif erken die kind. Dit het ons in tekste soos Ps. 8: 3, Mat. 19: 14-15 en ander plekke. Net so ken die Skrif die man, die vrou, maar ook die jongmens. Ons mag hier maar net verwys na ^[14] Ps. 25:7, waar David so roerend bid: "dink nie aan die sondes van my jonkheid nie." Dit tipeer die puberteitsjare van die mens. Net so is Ps. 119: "waarmee sal die jongeling sy pad suiwer hou?" Hier word gespreek uit die besef van die gevare, wat die oorgangsjare kenmerk. Maar die duidelikste tog is maar die woorde van die wyse Prediker: "verbly jou, o, jongeling in jou jeug en laat jou hart jou vrolik maak in die dae van jou jonkheid; en wandel in die weë' van jou hart en in die aanskouing van jou oë; maar weet dat God jou oor al hierdie dinge in die oordeel sal bring. En weer verdriet uit jou hart, en hou die kwale weg van jou liggaam, want die jeug en die dageraad is nietigheid. En dink aan jou Skepper in die dae van jou jonkheid" . . . (Pred. 11: 9-12: 1). Soos die Skrif hier die beeld van die jongmens teken kan geen kunstenaar ooit doen nie. Die Woord van God ken en erken dus die jongmens. Niemand kan dit ook duideliker sê nie as wat die heilige skrywer dit sê nl. dat die jongmens selfhandelend en self-verantwoordelik is. Ons tyd

leer ons dit ook: niemand kan die jongmens oppas nie behalwe hy self en wel as hy dit doen in gehoorsaamheid aan die Woord van God.

Die Skrif gee dus self aan die jongmens reg om te handel, en as die individuele jongmens die reg het, kom dit ook toe aan 'n gesamentlike handeling van jongmense. In die jongeliedevereniging tree dus met reg die jongmens op. Daaraan hoef ons nie te twyfel nie.

Maar ook die wetenskap, soos die sielkunde en die opvoedkunde veral, ken en erken die mens se rypingstyd met al die moeilikhede en aktiwiteite, wat daarmee in verband staan. Die wetenskap stem hier die Heilige Skrif toe dat die jeug 'n skone gawe van God is, deur duisenderlei gevare omswewe en 'n eie beeld vertoon. Daar volgens moet die jongmens geken en erken word, maar ook homself leer ken.

In die praktyk van die lewe, van af die vroegste tyd, word met hierdie periode van die mens se lewe rekening gehou. Selfs by die heidense en onontwikkelde nasies vind ons erkenning van die puberteit van die mens.

Die antwoord op die vraag of die jongmens mag optree, is dus bevestigend. Ons mag daaraan nie meer twyfel nie.

Daar bly egter nog oor die bewys vir die bevestigende antwoord op die vraag: *is die jongmens in staat* om handelend in sy eie organisasie van jongmense op te tree?

Hier kan ons aanvoer dat, as ons verwag dat die jongmens, die mens van die puberteitsleef tyd, moet optree en moet handel soos die grootmens, dan is dit hopeloos, want geen jongmens, eenvoudig net omdat hy in die oorgang en 'n mens van 'n nuwe geslag is, sal ooit so optree nie. Dit is *onnatuurlik* en *onmoontlik*. Maar ook, as ons verwag dat die jongmens nog soos 'n kind, so doodafhanklik en onderworpe moet wees, dan is ons berekening net so goed totaal en hopeloos verkeerd. 'n Jongmens is net so min 'n grootmens as wat hy nog 'n kind is.

[15] Wat moet ons dan van hom verwag?

Allereers, die jongmens wil vry wees, presies so vry, soos Pred. 11:9-12:1 dit betekenisvol beskryf.

Hierdie *vryheidsdrang* is die dinamiek, die dryfkrag van die gewoel en geworstel van die jongmens. Die onderworpenheid van die kind is vir die jongmens iets ondraaglik. Hy leef nie meer bloot by gesag nie, maar voel sy eie lewenskragte en sielskragte hom voortdryf en uitdryf. Hy wil en hy moet vry wees om self te handel, *ook in sy vereniging*.

Dit kan ook nie anders nie. Daar is 'n Godsbeskikking, waarteen niemand iets vermag nie. God het eenmaal bepaal, genadiglik bepaal dat daar 'n behoorlike oorgang is vir die mens uit die toestand van 'n kind na die toestand van die volwasse mens; God het eenmaal bepaal, genadiglik bepaal dat daar 'n behoorlike oorgang sal wees van die een geslag na die ander. Ons noem dit 'n *genadige* bepaling van God, anders sou daar geen geskiedenis gewees het nie. Ons noem dit *behoorlik* omdat dit 'n beslissende oorgang is. Die een mens is nie duplikaat van die vorige nie; die een geslag is ewemin duplikaat van die vorige. Dit teken vir ons die erns van hierdie saak. Die jeug moet in sekere sin uitbreek en deurbreek, soos dit ook gedurig nog gebeur, werklik gebeur.

Hierdie vryheid is dus nie losbandigheid nie, hoewel daar dikwels losbandigheid mee gepaard gaan, helaas! Hierdie vryheid is 'n worsteling, soos Paulus dit ook stel: niemand oorwin, behalwe hy wat waarlik gestry het. Dit doen, dit moet die jongmens doen of daar is geen oorwinning nie. En daarom sê Prediker: maar weet dat God jou oor al hierdie dinge in die oordeel sal bring.

Ware vryheid is gebondenheid, soos die vis in die water. (Vergelyk ook *Vryheid*, drie lesings in die Waak-Serie van die Bond van J.Vs. op G.G. in die K.P. No. 2, 1937). God het ook vir die jeug, vir die jongmens, onveranderlike ordinansies vasgelê. In sy lewe bly 'n reghoek ook nog maar een van 90 grade. Hoe vry hy ook al is, sy ouers bly sy ouers en die owerheid bly sy owerheid in die kerklike en staatkundige lewe. Al is hy vry, is hy

nog nie volwasse, nie in sy liggaam en nie in sy siel nie. Hy is na siel en liggaam nog nie mondig nie. Dit beteken dat die jongmens in alle geval nogtans ook altyd nog *afhanklik* is en bly totdat hy 'n volwassene is.

Vryheid en *afhanklikheid* is die twee groot beginsels wat die jongmens se optrede, ook in sy verenigingslewe beheers. Dit moet vasstaan.

Maar ewemin as wat sy vryheid 'n bandeloosheid is, ewemin is sy afhanklikheid 'n weerloosheid, veral in sy vereniging.

Watter beginsels dien hier as rigsgaander vir die een wat afhanklik is en vir die van wie hy afhanklik is? Is daar sulke beginsels? Wel, as dit daar nie is nie, dan is die jongmens weerloos en diegene van wie hy afhanklik is teuelloos, blote tiranne! Maar gelukkig is die beginsels daar.

[16] Die eerste is *leiding*. Dit verenig die twee beginsels van vryheid en afhanklikheid en is van die grootste betekenis vir die jongeliedevereniging. Ons moet egter onderskei tussen 'n *algemene* en 'n *besondere leiding*. Die algemene leiding gaan uit van die huis, die ouers en die oueres in die gemeenskap. Hulle kan so baie doen. Hul aanmoediging in die private en in die verenigingslewe beteken vir die jongmens dikwels meer as enige ander iets, veral as die ouers en die oueres inleef in die grondslag, doel en werk van die vereniging. Hul ervaring is van onskatbare waarde vir die vereniging, vir die werk van die lede, en bo alles vir die oorgang, wat die jongmense, die nuwe geslag, moet doen.

Van ons professore, geleerdes, volksleiers moet leiding uitgaan, deur middel van geskifte, artikels, studie. Sonder dat die vereniging of Bond daarom vra moet die jeugbeweging 'n voorwerp van belangstelling wees. As 'n mens sien hoe dikwels 'n woordjie van hierdie kant die jongmens aan die werk laat spring, dan is die vraag, waarom hierdie saak so bitter min leiding kry. Pamflette, brosjures, studies kan hier oneindig veel doen.

Maar dan is daar ook 'n *besondere leiding*. Daarvoor moet die vereniging self sorg, allereers deur vas te hou dat die voorsitter iemand van ervaring in die lewe is en nie sommer 'n snuiter nie. Sy regsinnigheid, sy toewyding en sy ywer moet onbesproke wees. Hy moet daarom een van die oueres wees, selfs al staan hy in jare al ver bokant die pubertydsleefyd. Net so moet die bestuurslede mense van ervaring en verantwoordelikheid wees. Maar hier kan die oueres ook help met die besondere leiding, as hulle die vergaderings bywoon, erelede word, vergaderings na hul wonings uitnooi. Ouderlinge en veral predikante kan, wanneer die Bybel en allerlei ander vraagstukke behandel word, die soekende jeug op die regte spoor lei. Dit is dan nie meer 'n kwessie van algemene leiding nie, maar 'n leiding wat direk te doen het met die werk van die vereniging.

Die afhanklikheid van die jongmense in hul vereniging bring, behalwe die noodsaaklike leiding, ook nog mee *toesig*. Omdat die jongmense nog onmondig is staan hulle in die eerste plek onder die toesig van hul ouers. Dit is 'n wettige gesag, wat oor hulle geld. Daaraan moet hulle hul ook onderworpe weet selfs in hul verenigingslewe, maar veral in die jongeliedevereniging. Ouers moet dus op die hoogte wees en die geeste kan toets.

Ook die kerk het 'n toesig oor die verenigingslewe van sy lidmate, maar seker meer bepaald oor diegene van sy lidmate, wat nog kerklik onmondig is. Die jongmense, die dooplede en jong belydende lede is wel vry, maar binne die perke van die ordinansies van die Here. Daarom moet die kerk waak en toesig hê oor hul leer en lewe, ook in hul verenigingslewe.

Omdat die jongeliedevereniging op *Gereformeerde grondslag* staan; omdat hy hom besig hou met die Woord van God en die kerk se belydenisskrifte daarom geld, vir sover dit hierdie twee dinge betref, 'n besondere toesig, soos daar nie ten opsigte van [17] enige ander vereniging is nie. Die kerk is verantwoordelik dat daar gereeld 'n leraar, 'n ouderling of een of ander lid van die kerkraad teenwoordig sal wees. Maar nie as 'n spioen, 'n foutvinder, 'n kwaaduitruiker moet die kerk op die jongeliedevereniging

vertekenwoordig wees nie. As daar fout is, moet die kerk leiding gee en toesig hou soos oor *jongmense*, wat Pred. 11:9-12:1 ken. Dit moet streng maar liefdevol gedoen word.

Van die bestuur en van die lede self sal dit ook so baie afhang of hulle die leiding en die toesig van die ouers, die oueres en die kerk aangenaam, maklik en vrugbaar maak. Die jongmense tog moet onthou dat dit 'n baie groot voorreg is om die liefde van die ouers, oueres en die kerk, soos 'n heerlike beskermende vleuel oor hulle te hê en profyt te trek uit wat die ouers, oueres en die kerk dikwels met moeite en selfs smart verkry het. Dit is nooit betaalde advies nie, maar liefde, trou en dienswilligheid van hulle, wat oor die jongeres toesig het. Die ouers en andere moet altyd deeglik besef dat hulle van God oor 'n *rypde* jeug gestel is en die opkomende geslag moet vashou dat almal, wat oor hulle gestel is, van God oor hulle gestel is. So kry ons die regte en gesonde verhouding.

Dit kom dus neer op die volgende kort samevatting:

Wie tree in die jongeliedevereniging op?

Die *jongmens*, wat (i) *vry* en (ii) tog *afhanklik* is, daarom nodig het a) *leiding* en b) *toesig* (algemeen en besonder).

2. *Wat die jongmens, die handelende persoon, in die J.V. doen?*

Wat die taak van die jongeliedevereniging betref, moes eers vasgestel word *wie* in die vereniging die handelende persoon is. Nou kom die volgende vraag, ten opsigte van die taak van die jongeliedevereniging, nl. *wat* die handelende persoon, die jongmens, daar doen?

Die antwoord hierop is kort: *studie*.

Die jongmens in die jongeliedevereniging studeer. Maar is hierdie antwoord nie hopeloos verkeerd nie? Maak dit nie van die jongeliedevereniging 'n verbloemde skool of katkisasie nie? Dit lyk baie daarna, maar is dit tog nie. As ons vashou aan die eerste hoofbeginsel nl. dat dit die jongmens is, wat die handelende persoon in die jongeliedevereniging is, behoort daar ook geen moeilikheid te bestaan nie, ja selfs om te verstaan dat dit juis die element bring, wat die hele beweging met byna wonderkrag en entoesiasme vervul.

Dit is só. In die huis, in die skool, in die kerk kom alles van bo af maar in die jongeliedevereniging kom dit uit die jongmense self. Hier het hulle die geleentheid en vind hulle die middel om, wat hulle van bo af ontvang het, self te verwerk, te verdiep en uit te brei—alles waaragtig hulle s'n te maak. In die J.V. leer die jongmens om uit, wat hy ontvang het en nog ontvang, sy eie voordeel te trek, dit op sy manier te gebruik en vir sy eie lewensideale aan te wend.

[18] Studie beteken hier, onder leiding en onder toesig, self te werk en ook te verwerk en alle verantwoordelikheid daarvoor te dra.

Maar studie het hier ook 'n verdere betekenis. Dit is 'n ryke gawe. 'n gulle geleentheid, wat God aan die jongmens gee om hom voor te berei vir die toekoms, wat hom wag. Die jongmens tog staan voor die poorte, is nog nie in die tempel nie. Die lewenstryd en lewensprobleme lê nog voor. Die jongmens is rekrut en nog nie die soldaat op die slagveld nie. Of in 'n ander beeld: hy is student en nog nie professor in die kateder nie. Hy studeer nog en praktiseer nog nie. Dr. Knoppers (a.w. dl. II, p. 269) sê: "Niet aan de Vereenigen is het om oplossingen te zoeken voor staatkundige vraagstukken; wel is haar taak de vraagstukken te leeren kennen en de beginselen, naar welke deze beoordeeld moeten worden." Wat Knoppers hier sê ten opsigte van staatkundige vraagstukke, geld ook van alle ander vraagstukke. Die jongeliedevereniging of die jongmens in sy jeugbeweging se taak is dus nie om op die slagveld beslissinge te bring nie, maar die vraagstukke self te bestudeer en die beginsels daarvoor op te spoor.

Hierdie stelling, hierdie beginsel is van baie groot belang in verband met die vraag hoe werk die jongeliedevereniging. Sy werk bestaan nie daarin dat hy op alle moontlike

terreine optree, oral in allerlei organisasies indring nie, *maar om voorbereiding vir daardie taak moontlik te maak.*

Hiermee het ons meteens ook die antwoord op die vrae soos: mag die jongeliedevereniging affilieer met die F.A.K.? Mag die J.V. 'n handjie bysit in die saak van die sending? Mag die J.V. sy deel by dra by die diens van die barmhartigheid of liefdadigheid? Mag die J.V. help volksmonumente oprig, en kerk- en volksfondse opbou? As die J.V. hierop bevestigend antwoord, sou dit hom van *Hy* terrein af weg voer. Die jongmens is wel vry om *individueel* oral by te dra, maar nie die J.V. nie. Sy taak is om die jongmens vir die *toekomstige taak* eers klaar te maak.

Dus die jongeliedevereniging moet weet wat die lewensvraagstukke is, watter oplossings daarvoor moontlik is en volgens watter beginsels daar gehandel moet word. *.Studie* is dus die kort samevatting van die taak van die J.V. en daarmee 'n mooi belyning gemaak.

Byna vanself kom nou die vraag aan die beurt nl. hoe die studie geskied? Hierdie groot en gewigtige werk kan tog nie maar sommer los en vas na die wil en die gril van elke jongmens geskied nie. Dit spreek so goed as vanself. Dit beteken ook nie dat elke J.V. maar sy gang moet gaan so goed of so kwaad as dit kan nie. Moet dit geskied, is haas alles te vergeefs. Maar dit is ook nie nodig nie. Ook hier het ons gelukkig beginsels.

Die allereerste is, dat dit hier geld die studiewerk van die jongmens. Dit pas so pragtig in. Dit sit tog in die aard van die rypende of rypwordende mens om te soek, te ondersoek, te oorweeg, te beoordeel en tot 'n bepaalde standpunt of uitgangspunt ^[19] te kom. Hulle is die mense wat die probleme het en nie rus voor en aleer hulle een of ander oplossing gevind het nie. Dit sit ook in hul aard om saam te wees, om gesellig te verkeer met mekaar. So kom ons dan by die beginsel van samekomste of die verenigingslewe, wat ons in die jongeliedevereniging vind, soos nêrens anders nie. Dit is die middel wat God vir die jongmense gegee het om by mekaar te kom, met mekaar te werk, te studeer, só te studeer soos alleen die jongmens dit kan doen. Dit bring ook orde in die werk, in die studie.

Eerste en vernaamste is tog vir die jongmens om op die hoogte te kom met die vordering van die studie, wat ander voor hom reeds gedoen het, of hoever die bouwerk reeds gevorder het. Anders mag dit gebeur dat die jongmens tyd en krag spandeer aan wat reeds afgedaan is of ver gevorder het. Dit mag nie gebeur nie. Dus die eerste beginsel is hier *navorsing*. Die jong mens moet homself voor alles oriënteer in die *wêreld*, wat al meer vir hom oopgaan. *Hy moet aansluit by die verlede*. Dit is baie belangrik, anders is daar geen behoorlik onderbou nie vir sy eie werk en taak, wat hom in die toekoms wag. Op skool, in die huis en in die kerk het hy baie van bo af ontvang en nou moet hy sy *eie aansluiting* tussen die verlede en die toekoms vasstel. Dit moet gebeur, omdat elke jongmens van God sy eie persoonlikheid en eie taak ontvang het. Dus hy moet 'n eie aansluiting vind.

Maar al sou hy al die materiaal het, bly dit nog weer sy taak, om vir die verwerk van die materiaal, wat hy nodig het, sy eie grondplan in mekaar te kry. Dit is nodig, anders staan die jongmens eendag op die oop lewensterrein met 'n massa materiaal en weet nie wat hy daarmee moet aanvang nie. Dit is die *vorming* wat so broodnodig is vir die toekoms, om eenmaal 'n bepaalde plek in te neem in kerk, staat en maatskappy. Vir hierdie vorming is die jongeliedevereniging die regte plek. Dit gee hulp, dit moedig aan, en verenig die kragte van die jongmense in hierdie gewigtige taak.

As ons dit alles kort saamvat, dan kom dit daarop neer: die jongmens, wat in die J.V. optree, *studeer* en hierdie studie beoog *navorsing*, of aansluiting by die verlede, en *vorming* met die oog op die toekoms.

3. Hoe die werk in die jongeliedevereniging gedoen word?

Hierdie vraag veral is belangrik omdat die werkterrein, sonder enige lyne gesien, feitlik onafsiënbaar wyd en ruim is. Die hele verlede lê agter die jongmens en voor hom is die onpeilbare dieptes van die toekoms. Daar is so oneindig veel gedoen en voor wag ook

nog soveel om te doen. Daarom is daar die groot vereiste om tenminste hier baie duidelik te wees. Hoe moet dan die werk gedoen word? Die antwoord is hier deur *organisasie*. As dit ontbreek dan is dit eenvoudig onbegonne werk.

Nou ja, organisasie is maklik genoeg! Dit dink ons wel, maar so is dit nie. Ons weet dit maar alte goed. Daarom moet ^[20] ons hier soek na groot lyne en daarlangs moet georganiseer word.

Duidelikheidshalwe moet hier onderskei word tussen die *organisasie van die verenigingslewe* van die lede van die J.V. en die *werk* self. Dit kan tog nie oor die hoof gesien word nie, dat dit van die aller grootste belang is *hoe* die vergaderings van die J.V. gehou word. Is daar volle vryheid, dat elkeen maar kan doen soos hy wil? Nee, dit mag nie. Oral het God sy ordinansies gegee. Ook op hierdie gebied. Daarom sê ons daar moet *metode in die organisasie van die verenigingslewe* wees. Dit moet ons nou eers probeer opspoor.

Eerstens moet ons aanneem dat die organisasie van die verenigingslewe van die lede doelbewus daarop gerig word om *solidariteit* te bring en te versterk. Ooreenkomstig die sielkundige beginsels, wat ons reeds vasgestel het, moet gesorg word dat daar by elke vergadering of samekoms van jongmense 'n bepaalde *atmosfeer* geskep word. Ons weet ook, dat dit maar alte waar is, dat soort soort soek. Dit geld veral vir die jongmense, wat almal rypende mense is, en so 'n atmosfeer moet daar vir hulle ook wees, soos hulle dit doen in 'n sitkamer. Laat in so 'n sitkamer net 'n ouere persoon kom en dadelik is die spel verbreek.

Die jongmense moet saam voel in die vergaderings van die J.V. Hulle moet na hul J.V. verlang, daarna soek, hulle daar tuis voel, soort by soort. Die een jongeliedevereniging moet verlang en soek na die ander en in mekaar se geselskap tuis en gelukkig voel. Daar moet 'n bepaalde Bondslewe gevind word. Daarom is dit van die grootste belang dat die vergaderings van die J.V. *metodies* daarop gerig moet wees om so 'n solidariteitsgevoel te wek en te versterk.

Die organisasie van die verenigingslewe moet dus *metodies* geskied.

Ten tweede, moet die vergaderings so georganiseer word dat dit elke lid van die vereniging *aktief* maak en *aktief* hou. Alles moet dus metodies daarop gerig wees om *werk* die wagwoord van die lede te maak. Daar mag nie 'n klomp leeglopers of bylopers wees nie. Hulle verdwyn naderhand sommer soos 'n môremis, en die paar, wat werk, gaan lê ook naderhand sommer onder die juk. Dit is die end van die J.V.

'n Grootmens, wat nie werk nie, is al 'n lastige artikel, maar 'n jongmens kan eenvoudig nie nul wees, allermens in sy eie kringe nie. Die rypende mens loop oor van krag en energie en daarvoor moet die J.V. goeie en deeglike geleiding gee. Dit is die waarheid, wat ons hier nooit uit die oog mag verloor nie.

Daar mag gevra word hoe 'n mens dit moet inrig dat elke lid 'n werkende lid van die vereniging word en bly. Dit kan gedoen word deur af te sien van verenigings met baie lede. 'n Werkende vereniging moet eintlik nie meer as twintig lede tel nie. Waar 'n mens dus 'n twintig jongmense gerieflik bymekaar vind, ^[21] behoort 'n J.V. gestig te word, en ons moet afsien van die verkeerde opvatting: een gemeente, een vereniging. As dit gebeur, dat ons verenigings klein in getal is, word baie maklik 'n kring van saamwerkende verenigings gevind en daar is vir elke lid kans om sy deeltjie by te dra. Daar kan dan ook baie meer vergaderings gehou word as nou in die reël die geval is.

Hieraan mag nog toegevoeg word dat die bestuur en die bestuurslede van die vereniging nie maar alles moet doen nie. Daar is dikwels so 'n neiging. Dit moet vermy word. Inteendeel moet die bestuur metodies dit daarop toelê om elke lid aan die werk te kry, of ook somtyds 'n paar lede saam groepsgegewys. As dit gebeur, sal die bestuur dikwels baie verras word oor die kragtigheid en vindingrykheid van die lede van die vereniging. Die bestuur self sal dan veel minder te doen hê en baie meer plesier uit die werk kry.

Dit bring ons meteens ook by nog 'n vereiste om die verenigingslewe van die lede metodies te organiseer en dit is naamlik *bestuurskrag*. Die bestuur van 'n vereniging is die kop van die liggaam, en dit is te begrype dat, as die kop lewendig dood is, die liggaam ook in dieselfde toestand sal moet wees. Aan die anderkant is daar lewe, lewenskragtigheid, *jeuglewe* in die bestuur, sal die vereniging ook daadwerklike lewe toon. Die bestuur is die mense wat voorbeeld, inspirasie, bo alles leiding moet bring. Daarom is dit 'n dure plig van die lede om toe te sien dat hulle vir hul bestuur uitsoek mense, wat *kundig* is. Bestuurslede moet uit die *oueres* van die vereniging gekies word, omdat dit noodsaaklik is dat hulle *ervaring* besit, maar ook *kennis*. Met kennis word bedoel, nie ou geroeste kennis nie, maar kennis wat vars en nuut is. Bestuurslede moet in die tweede plek ook besit die gawe van leiding, soos die leiers van 'n gewone geselskap jongmense. Derdens moet bestuurslede mense van ywer, toewyding en vertroue wees, anders loop dit mis. Hulle moet ook kragtig wees in hul optrede en die leiding, wat hulle gee. Daarmee word nie bedoel onverskillige en harde base nie. Nee, hulle moet durf, deeglikheid en vriendelikheid besit. Bestuurslede moet die vereniging ook met eer en vertroue n,i buite toe uit kan verteenwoordig.. Dit is baie noodsaaklik, omdat die vereniging ook maar nie weer net soos 'n eiland in die grootwêreld rondom hom kan staan nie. Die hulp van die kerk, die hulp van die publiek ens. is altyd nodig vir die J.V. Daarom moet die bestuurslede ook die agting wegdra in die openbare lewe.

Nog dit mag ons aan hierdie gedeelte toevoeg, naamlik dat *elkeen*, wat 16 jaar oud is, lid van die Jongeliedevereniging op Gereformeerde Grondslag kan word, solank hy maar gewillig is om die grondslag van die vereniging te aanvaar en gewillig is om die doel van die vereniging na te streef. Dit geld ook van bestuurslede, maar nie van die voorsitter nie. Hy moet 'n *belydende lidmaat van die Gereformeerde kerk* wees. Dit spreek byna vanself, omdat hy per slot van rekening vir die J.V. op G.G. die leiding in sy hande het.

[22] Die *voorsitter* moet dus 'n *leier* wees. Die lede moet maar baie kieskeurig wees, wanneer dit die pos van voorsitter betref. Hy is die man, wat goed uit die Woord van God moet kan lees; hy moet kinderlik en tog met vaste vertroue in die gebed kan voorgaan; hy moet die vriend en die raadsman van die vereniging en van sy lede wees. Hy moet ook iemand wees, wat tuis is of hom tuis maak in die Skrif, in die kennis van die Belydenisskrifte en kerkregering; hy moet 'n ruime mate van algemene kennis hê, maar besonder van *die reëls van vergadering hou*. Hy moet *bepaald tuis wees in die beginsels van die jeugbeweging*.

Ons kan dus die eis vir 'n goeie voorsitter nooit hoog genoeg stel nie.

Maar ook die *sekretaris(esse)* moet met sorg uitgekies word. Mag ons die voorsitter vergelyk met die masjienis op die lokomotief, dan is die sekretaris die onmisbare stoker. Dit is dus heeltemal nie net 'n kwessie van notule hou en lees nie. Het die voorsitter die leidende mag, die sekretaris het die uitvoerende mag, en daarvan hang so oneindig veel vir die vereniging en sy lede af. As 'n sekretaris nie kan voldoen aan hierdie eise nie, dan moet hy tog maar asseblief so gou as moontlik bedank as sekretaris. 'n Lamlede sekretaris is soos 'n gebarste blaasbalk in 'n orrel. Hy bederf meer as wat hy regmaak.

Die *penningmeester(esse)* is die *derde* belangrike pos in die bestuur. Dit veral vir die jongeliedevereniging, omdat hy so 'n klein inkomstetjie het en vir sy pennies so goed moet gesorg word. Maar dit is ook eintlik nie al waarvoor die penningmeester te sorg het nie. Die penningmeester moet, behalwe dat hy die vertroude in die vereniging is, ook die leermeester van sy vereniging wees. Dit kom hiervandaan dat hy te doen het met jongmense, wat byna in alles van hul ouers of meerderes afhanklik is, en nog nie die kuns geleer het om self te sorg nie. Hulle het ook nog nie soos grootmense, geleer om gereeld te wees nie. Dus die penningmeester het 'n ruime taak om naamlik alle fondse in te samel, dit te bewaar en daarvan rekenskap te gee, maar ook om sy medelede te leer. Maar die penningmeester moet tog nooit, nie eers 'n dubbeltjie nie, uit hierdie fondse vir homself leen nie. Hy moet penningmeester wees om eendag veel meer te administreer as die ou geldjie van die J.V. Onthou maar!

Nog 'n enkele woord oor die *ondervoorsitter* en die *orige bestuurslede*. Hulle tree wel nie so op die voorgrond nie, maar hulle is daarom nie onbelangrik nie. Hulle is die mense, wat die hande van die op die voorgrond tredende bestuurslede gedurig moet ophou. Hulle is die Aärons en Hurs, wat die hande van Moses moet steun. En juis, omdat hulle nie so op die voorgrond hoef te kom nie, kan hulle so baie doen om te help met planne, aanmoediging van lede ens. Hulle kry kans om studie te maak en toekomstige voorsitters, sekretarisse, penningmeesters ens. te word. Hulle moet tog nie leeglopers en niksdoeners wees nie. As hulle byvoorbeeld die voorsitters word van onderkomitees, kan hulle tog alte nuttige werk doen.

[23] Om saam te vat. *Hoe gewerk moet word, is die eerste vereiste organisasie van die verenigingslewe*. Daar moet *metodies* gesorg word vir die *solidariteit, aktiwiteit, en bestuurskrag*.

Nou kom ons by die *tweede vereiste* van die organisasie van die verenigingslewe en dit geld hier die *werk self*. Hier moet *sisteem* gevind word. *Sistematies* werk, dit is die saak. Dat dit hier alte dikwels baie gebreklik toegaan, weet elkeen maar te goed. Daarom wil ons hier ook weer die oop pad soek.

Sluit die metodiese organisasie van die verenigingslewe aan by die opvoedkundige en sielkundige beginsels, wat reeds vasgestel is, ook hier by die *sistematiese werk* gaan ons uit van die genoemde beginsels en sluit ook aan by die voorgaande. Daar het ons gesien, dat as beginsel aanvaar is die skep van 'n jeugatmosfeer. Dit is solidariteit. Hierby moet ons aansluit.

Wat help nou die solidariteitsgevoel aan? Die verrigtinge van die vergadering, wat *gemeenskaplik* is. Hier het ons dus te doen met die middel wat die *saamhorigheidsgevoel* versterk. Wat is dit? Die volgende:

- a. *Skriflesing* en daarmee is nie bedoel om maar sommer net 'n stukkietjie te lees nie. Nee, dit moet 'n plegtige handeling wees om die Skrif op te neem, daaruit 'n gedeelte duidelik en eerbiedig voor te lees. Dit moet 'n aparte plegtige item by elke vergadering wees, omdat die Skrif die grondslag is van die jongeliedevereniging en die norm van ons lewenshandelinge. God spreek uit sy Woord. Dit moet alles wees.
- b. *Gebed* by die opening en sluiting van die vergaderings. Die gebed, dit weet ons, in die mond van die kind het byna 'n buitengewone betekenis, en seker nie minder nie by die jongmense, wat worstel. Daarom moet die openbare openings- en sluitingsgebed so geskied dat dit spreek uit die hart van jongeling en jongedogter tot God, wat in die jeugjare teer bemin word. So sluit die een by die ander aan: uit die Woord spreek God en in die gebed spreek die hart tot God. En niks in hierdie wêreld het groter konsoliderende krag nie as eenheid in die geestelike lewe, geloofseenheid, wat vir die jongmense soveel beteken. Laat daarop deeglik gelet word.
- c. *Sang*. Wie ken nie die krag van gesamentlike sang nie? Sang, gesamentlike sang vir die jongmense, wat liefde tot God en tot sy naaste in eie mate het, beteken ontsluiting van die binneste. Die jongmense kan en wil sing. Niks subliemeer die krag en energie van die jongmense meer nie!

Maar bo dit alles mag ons nie vergeet nie, dat wat 'n mens sing, weer sing en nog eens sing, sink in jou siel dieper as baie ander dinge. So dien sang, die gesamentlike sang, om die saamhorigheidsgevoel te laat inwortel in die harte van die jongmense.

Gesamentlike sang is die enigste aksie van alle jongmense saam op 'n vergadering. By die Skriflesing spreek God; by die gebed spreek een as mondstuk van die ander, maar in die sang spreek almal *self*. Dit konsolideer, juis wat die sistematiese arbeid beoog.

[24] Maar by die *sistematiese werk* van die J.V. moet daar, behalwe die saamhorigheidsgevoel, ook behartig word die *verbesondering van die werk* of sistematiese verbesondering. Dit wil sê daar moet nie net gesorg word dat elke lid van die vereniging 'n werkende lid is nie, maar ook dat elke lid die nodige leiding en die nodige pad kry om die werk te doen.

Die begin moet wees *voordrag*. Daarmee moet die ys gebreek word, omdat die jong lid daarby feitlik net middel is om te vertolk wat ander gesê of geskryf het. Dit is die begin van die jeugdige lid se optree in die J.V. Voordrag moet geskied uit die Bybel, uit Skrifberymings, uit prosa- en digwerke, omdat dit ook bedoel is om die jong lid se kennis te verwyd en te vermeerder. Dit is tog waar dat, wat 'n mens eenmaal in jou so opgeneem het dat jy dit goed kan voordra, nie maklik weer verlore gaan nie. Daarom moet daar veel meer gebruik gemaak word van voordragte. Op elke vergadering kan daar 'n paar voordragte wees, omdat dit baie min tyd opneem en dit in die reël baie geniet word.

Maar by voordra kan dit nie bly nie. Sistematiese werk vereis dat op die vergaderings daar 'n vordering gemaak word. Die lede moet voel dat hulle aangehelp word en ook vooruit kom. Dit kan geskied deur middel van *opstelle*. 'n Opstel vereis algemene kennis, 'n bietjie navorsing en dinkrag, maar leer ook om te stel en te formuleer. Hier is nou die begin van eie werk, eie openbaring en selfstandigwording.

Op die opstel moet volg die *toespraak*. Waar die jeugdige lid geleer het om in die openbaar op te tree, om tot eie werk te kom, moet hy so ver vorder dat hy oor 'n onderwerp gaan *praat*, d.w.s. dink, formuleer en voordra terselfdertyd. So word die lede sistematies aangelei en aangehelp. Vrye en *onvoorbereide toespraak* (improvisasie) sluit onmiddellik hierby aan en bring die eerste afronding van die sistematiese werk in die J.V.

Die sluitsteen moet wees die *lesing*, wat 'n resultaat van studie is. 'n Lesing vorder navorsingswerk, beheer van die stof, formuleer van gedagtes en waarhede, maar kom ook met konklusies. D.w.s. die jong man of dogter het nou *standpunt*, werk volgens lyne of beginsels, en kom só te staan op die drumpel, waar sy lewenstaak vir hom wag.

Tenslotte vereis sistematies werk in die J.V. *orde in die stof of materie*, waarmee gewerk word. As hiermee nie rekening gehou word nie, word die J.V. alte maklik mettertyd 'n eentonige Bybelvereniging, Debatsvereniging of iets dergelyks. Dit is al gevaarlik, maar nog gevaarliker is dit dat een of meer persone, deur hul invloed en oorwig, 'n soort van eie klub van die J.V. maak en dit baie dikwels heeltemal van sy koers stoot.

Dit is daarom noodsaaklik dat hier sistematies te werk gegaan moet word. Dit kan ook gedoen word, as ons maar dadelik in herinnering bring dat die J.V. se doel is om die jongmens voor te berei vir sy toekoms en wel op die *drie bekende terreine, Kerk, Staat en Maatskappy*. So staan dit ook in die J.V. se ^[25] statute. Die vereniging se doel is om die jongmens te bring tot kennis van die beginsels, Gereformeerde beginsels op die drie bogenoemde terreine. Wat dus op die J.V. behandel word, moet voorberei vir hierdie terreine van die lewe.

Om in die toekoms op al drie hierdie terreine te kan optree, is dit nodig dat die jongmens die regte verhoudinge ken. Daarom moet die J.V. dit as taak beskou om die jongmens allereers op al hierdie terreine te leer die regte verhouding teenoor God, die Skepper van die hemel en die aarde. Dit is dus *godsdiensdig* en bepaal die verhouding van die jongmens tot sy Skepper. Maar in die tweede plek moet die jongmens ook leer ken die regte verhouding tussen hom en die lewe. Dit is *verstandelik*. En in die derde plek moet hy leer ken die regte verhouding tussen hom en sy medemens. Hier raak dit dus die *sedelike* sy van hierdie arbeid.

Uit bogenoemde is dit nou duidelik vir watter terreine die jongmens voorberei moet word in die J.V., naamlik vir Kerk, Staat en Maatskappy. Maar dit is ook duidelik wat die voorbereiding omvat, naamlik die godsdiensdige, verstandelike en sedelike lewe.

Ons kan nog 'n stappie verder gaan. Waar kry ons nou die beginsels, wat vir ons die pad moet aanwys? Hierop kan ons gelukkig 'n baie definitiewe antwoord gee, naamlik uit die Heilige Woord van God. wat die grondslag is van die J.V. Die Bybel is dus die *kenbron* van die beginsels, wat alleen vastigheid en sekerheid in die lewe bring. Dit moet dan ook altyd vas en vooropstaan by alle werksaamhede van die J.V.

Dit moet nie so verstaan word asof sulke beginsels in die Bybel kant en klaar uitgewerk lê en maar net soos resepte aangeleer kan word nie. Die Woord van God is geen resepteboek of statuteboek nie. Gelukkig ook maar. Aan die anderkant moet ons dit ook weer nie so opvat nie asof die lede van die J.V. elke keer self maar moet gaan soek en grawe. Nee, dit is 'n grootse taak waaraan duisende gewerk het en nog werk. Dit lê vir die grootste deel al vas in ons Belydenisskrifte en wetenskaplike arbeid. Hierdie beginsels bring ons dus terug in die Skrif en voor die aangesig van God, soos Prediker ons ook werklik leer.

Maar dit beteken nie dat die jongmense dit net van buite moet ken nie. O, nee, hulle moet dit so ken dat hulle dit ook kan toepas in hul lewe. Daarom sê die J.V. se statute dat hulle die Gereformeerde beginsels vir Kerk, Staat en Maatskappy moet *leer ken en leer bely*.

Daarom mag die Skrif nie net as 'n referensieboek gebruik word nie. Nee, dit kom hierop aan om daarvan *studie* te maak, want die Bybel is in die eerste plek vir ons gegee as die groot boodskap van versoening, wat Christus Jesus teweeg gebring het. Die jongmens moet as versoende sondaar op alle terreine van lewe kan optree, m.a.w. op alle terrein in die regte verhouding kan verkeer.

Juis daarom moet ook onderskei word tussen wat die huis, die kerk, die skool vir die jongmens gebring het uit die Woord ^[26] van God en wat hy in die J.V. self soek. In die huis, in die katkisasie en op skool het alles van bo-af gekom. Dit gaan hy nou nie weer oor nie, asof hy in 'n nuwe selfonderwys van dieselfde dinge sy doel soek nie. Nee, hy moet gaan voortbou, self voortbou op wat hy reeds ontvang het. Dit beteken *verdere Bybelstudie*. Dit is daarom so jammer dat die meeste jongmense dink dat, as hulle die dag belydenis van die geloof afgelê het, hulle niks meer nodig het nie. Dit is tog dan nie meer 'n kwessie van Bybelgeskiedenis of selfs openbaringsgeskiedenis nie. Dit betref tog 'n dieper kennis van die agtergrond van die Boeke, kennis van die skrywers en vergelykende studie van die Bybel; studie van die profesieë, die "skoonheid van die Bybel," wat taal, en styl betref ens. Daar is ook nodig 'n dieper, self dieper indring in leerstukke soos die uitverkiesing, die verbond, skepping en herskepping, ens.

In die J.V. gebruik ons allereers die Bybel as die groot kenbron en tweedens studeer ons die Bybel om ons eie lewe, geestelike lewe te verryk en ons te wapen met die wapenrusting van onse Here Jesus Christus. Daarom moet noodsaaklikerwys hierby aansluit *verder studie* van die geloofsbelydenis of *belydenisskrifte*. Niemand kan daaraan dink om 'n lewende lidmaat van die kerk te wees as hy nie weet wat die kerk, en wat die geskiedenis van die kerk is nie. Dit is tog hierdie dinge, wat die jongmens voorberei om later op die gebied van die kerk saam te leef en saam te werk. Dit vervul hom met die regte eerbied en liefde vir die kerk. Dit bring vir hom genot. Hy ken die beginsels van kerkregering, die verlede van die kerk, maar ook die magtige en heerlike roeping van die kerk, sowel wat die besondere ampte as die amp van die gelowiges aangaan.

Uit voorgaande is ook duidelik, dat die jongmens nie kan bly staan by die enkele grondbeginsels van die *sedeleer*, wat hy in die huis, in die katkisasie en op skool gekry het nie. Die samelewing is vandag só gekompliseerd dat dit 'n baie ernstige gebrek is in ons algemene en kerklike onderwys dat die kinders so min van *sedeleer* ontvang. Tog is *sedeleer* as sulks byna iets onbekends, veral op die program van werksaamheid van die J.V.

Dit wat die studie van die Skrif, die Belydenisskrifte en die kerkgeskiedenis, asook van die *sedeleer* betref. Dit betref nog maar die een terrein, naamlik die van die Kerk.

Ons moet ook let op wat die jongmens 'n behoorlike voorbereiding ten opsigte van die *maatskaplike lewe* kan gee. Dit is tog hier, op hierdie terrein, waar teenswoordig so swaar gestry moet word en waar dit so nou verbonde is met ons stoflike belange. Hier moet dikwels baie ernstige besluite geneem word. Hier is dit moeilik *om ons* beginsels na te lewe. Hier vind feitlik ook elkeen stryd en moeilikheid. Daarom is dit so noodsaaklik dat ons van jongs af weet dat die Here God ook vir hierdie gebied beginsels gegee het,

wat ons nooit strafloos kan veronagsaam nie. God leer ons in sy Woord, dat dit juis die vraagstukke van die sosiale lewe is, wat altyd meer en meer op die voorgrond sal [27] kom. Daarom stel ons dit ook selfs voor die beginsels van die Staat.

Op die terrein van die maatskaplike lewe is tog nodig kennis bv. van leer- en vraagstukke soos o.a. Gemene Grasie van God, die huwelik, die huisgesin, owerheid en maatskappy, kerk en maatskappy, die vrou in die openbare lewe, arbeid, kultuur, sonagsrus, liefdadigheid, besit, drankmisbruik, lotsverbetering, lewensversekering ens. ens.

Kom ons tot die *terrein van die staatkundige lewe*, mag ons dadelik maar bely dat ons beginselkennis hopeloos skraal is. Van Partypolitiek weet ons darem so iets, maar beginsel in ons "staatkundige lewe, is sonder om te oordryf, minimaal. 'n Mens begryp bv. nie die met alle opvoedkundige en sielkundige beginsels strydende organisasie van die *jongmense* in 'n junior *politieke party* nie. Die rekrut word somer op die slagveld geroep. Die student kry somer 'n plekkie in die raad van professore. Hoe lank sal ons jongmense hulle vir sulke soort agterryers laat gebruik? En wat sal die resultaat eenmaal wees om sulke nog onverantwoordelike jongmense op die terrein van die grootmense te laat ontwikkel tot goeters wat te groot vir hulle skoene is?

Op ons J.V.'s moet nie die getwis van die partypolitiek gebring word nie. Onder geen omstandigheid nie. Hulle sal ook geen skade ly as hulle die teenswoordige partypolitieke "drillery" vryspring nie. Wat ons jongmense nodig het, is *bewapening met die beginsels van die Calvinistiese staatkunde*. Daarom staan daar in die J.V. se statute dat die doel van die J.V. is om ons jongmense, "ooreenkomstig ons Calvinistiese volkskarakter" die beginsels vir kerk, staat en maatskappy te laat leer en bely.

Om dit te bereik moet op die J.V. 'n ruim plek kry die studie van die *vaderlandse geskiedenis*, nie soos dit meestal op die skole afgewater word nie, maar in sy volle rykdom. Geen jong Afrikaner kan ooit 'n baie goeie vaderlander wees as hy nie met beide voete staan op die groot volksbodem, in die geskiedenis, wat God aan sy volk gegee het nie. Hoe ernstig maan die Skrif ons dat die kinders die geskiedenis moet ken. Dit moet ons weer verstaan.

Maar ons jongmense moet ook weet wat die Staat, wat die owerheid en gesag is; wat vryheid en reg is; watter staatsvorme daar is en wat onder volksverteenvoording moet verstaan word; watter rol die gewete speel in die staatkundige lewe; wat onderwys is ens. ens. Dit is almal dinge wat selfs die grootmense in S.A. nie anders ken as uit 'n opportunistiese oogpunt nie. Wat 'n ruime veld is dus hier vir die J.V. om sy lede *klaar* te maak vir die dag as hulle moet optree in die staatkundige aangeleenthede. Hulle moet klaar oortuigde Calviniste wees as hulle uit die J.V. se voorbereiding kom en oor gaan na die werklike lewenstryd.

Om hier sistematies te werk, die stof vir die J.V. se werk te beheer en sistematies op die werkprogram te bring en iets uit [28] te rig, is nodig dat daar behoorlik *leiding* sal wees, nie alleen van sy ouere lede en van die kant van leidende geeste nie, maar veral boeke, *leidrade*, wat spesiaal geskryf is vir die J.V. se gebruik en ook goedkoop verkrygbaar is. Hierdie taak is een van die mooiste en mees opbouende wat die J.V. kan onderneem. Mag dit gou daartoe kom!

DIE JONGELIEDEVERENIGINGSVERBAND.

HOOFSTUK II.

Uit die geskiedenis van die jeugbewegings op Gereformeerde Grondslag sowel in Nederland as in Suid-Afrika, blyk twee dinge baie duidelik. Die eerste is dat die jongeliedevereniging *plaaslik* ontstaan het, maar ook in die tweede plek, dat die jongeliedeverenigings 'n eie *onderlinge verband* gevind en ontwikkel het. Op al die besonderhede kan hier nie ingegaan word nie.

Spreekende van die ontstaan van die jongeliedevereniging in Suid-Afrika, mag ons opmerk dat die jongeliedeverenigings tot enkele jare gelede, en ook nou nog in 'n groot mate, baie individueel van karakter is. Dit kom veral uit in hul werkmethode en organisasie. Daar is selfs nog vandag jongeliedeverenigings, wat nie veel meer as die naam van 'n jongeliedevereniging het nie, en tog aangesluit is by die Bonde.

Dink 'n mens jou in die onderlinge verband, dan val hier weer op dat die jongeliedeverenigings leef in 'n verband wat so georganiseer is dat dit feitlik enig staan in die wêreld van die jeugbewegings. En tog het die jongeliedevereniging in Nederland en in Suid-Afrika in sy ontstaan en organisasie een en dieselfde.

Is dit toevallig? Beteken dit, wat ons in Suid-Afrika betref, miskien net na-apery van die Nederlandse Bond?

Nee, dit is nie in die minste toevallig of 'n na-apery nie.

Ons geskiedenis in Suid-Afrika mag enigsins anders wees as die van die jongeliedevereniging in Nederland. Ons gemeentes het hier verspreid gelê oor 'n terrein, 'n oppervlakte van ons vaderland, wat vir die buitelanders ongetwyfeld onmoontlik lyk. Die kerk het gewoonlik by die begin die voortou geneem en ter plase 'n jongeliedevereniging begin. En byna op elke plek het die organisasie iets van sy eie gehad. Dit het die sterk individualistiese karakter meegebring.

Maar 'n mens sou kan dink dat, toe eenmaal die verenigings selfstandig geword het en self aan die werk en organiseer gegaan het, dit dadelik moes verdwyn het. Dit het nie gebeur nie. Hoe beter die verenigings gaan werk het en hoe beter hulle georganiseerd geword is, hoe sterker het ontwikkel dwarsdeur hulle organisasie heen die *outonomieit van die plaaslike vereniging*. Hierdie gedagte is byna van die begin af as een van die groot beginsels van die J.V. aanvaar en gehandhaaf.

[29] Ons het die aandag gevestig op die geskiedenis en op die beginsel dat *elke jongeliedevereniging outonoom is* en bly, omdat daarsonder die onderlinge verband, vir sover dit betref die organisasie daarvan in die Bond van Jongeliedeverenigings op Gereformeerde Grondslag, nie goed gevolg kan word nie.

Hier is dit nodig om allereers te bespreek die *Bond*, waarin die J.V.'s op O.G. georganiseerd is. Daarna moet dan gewys word op die verband wat die verskillende Bonde van J.V.'s op G.G. saambind, naamlik die *Federasie*, en eindelik moet bespreek word die verband van die J.V.'s op G.G. enersyds met die Jeugsorg en andersyds met ander Jeugbewegings in Suid-Afrika.

A. BOND.

Uit die geskiedenis van die ontstaan het ons gesien dat die J.V.'s plaaslik ontstaan en opgeskiet het. Dat hierby die kerkregtelike beginsel van die plaaslike kerk 'n groot rol gespeel het, is nie te ontken nie. Maar dit is nie al nie. Dit het nog hierdie verdere betekenis dat sterk op die voorgrond gespring het die gedagte dat die inisiatief plaaslik was, al was dit ook by die begin by die predikant, die kerkraad of die volwassenes, wat dit nodig geag het vir die opkomende jeug. En na plaaslike omstandighede is die organisasie ook begin. Maar die grootste betekenis het dit daarin gevind dat dit gelei het tot die bekende en tot hiertoe gehandhaafde beginsel van die outonomieit van die jongeliedevereniging, soos ons reeds gesien het.

Daaruit moet vir ons vasstaan, dat met hierdie jeugbeweging nie gebeur het, wat die geval was met byvoorbeeld die Voortrekkersbeweging vir ons jong volk nie. By die Voortrekkersbeweging het dit anders toegegaan. Die *idee* van so 'n beweging het ontstaan en toe is *Die Voortrekkers* gestig. Die kinders en jongmense het daarby aangesluit, lede geword, en, toe daar op die verskillende plekke genoeg lede van die beweging was, is op die verskillende plekke ook takke gestig. By die Jeugbeweging op Gereformeerde Grondslag het dit net andersom gebeur. Hier was die J.V.'s eers daar en toe het organisasie van die onderlinge verhouding gevolg.

Die Bond van Jongeliedeverenigings op G.G. is dus nie 'n organisasie, wat bestaan uit *individue* wat daarvan lede geword het nie, maar is die reëling, wat verskillende *verenigings*, wat op dieselfde grondslag staan, onderling getref het. *Die Bond bestaan dus uit verenigings en nie uit takke nie*. Die jongmense sluit nie by die Bond aan nie. Nee, hulle sluit by die verenigings aan en *die verenigings is die lede van die Bond*. Dit is wat enig is aan die organisasie van die J.V.'s op G.G. Geen ander jeugbeweging is so georganiseer nie.

Daarom word ook in die Bond nie gesprek van *hoofbestuur* nie, maar alleen van die *Bondsbestuur*. Hierdie Bondsbestuur is die liggaam, wat in opdrag en in naam van die in Die Bond van saamwerkende *verenigings* optree. Die Bond en sy Bondsbestuur ^[30] het dus te doen met die verskillende *verenigings*, wat by die Bond aangesluit is.

Hieruit volg ook nog dat die vereniging *statute*, maar Die Bond alleen *Reglemente* het. Die verenigings moet in grondslag, doel en middele een wees, hoe hulle ook al plaaslik hul huishoudelike dinge reël. Hulle kan geen Bond uitmaak nie, as die verenigings nie in hulle grondwet eners staan nie. Dit tog juis bring hulle bymekaar en hou hulle bymekaar.

In hul Bond moet daar 'n onderlinge verstandhouding, ooreenkoms, of wat dan ook al, wees, en dit word in die Bondsreglement gereguleer, bv. dat in die Bond dieselfde grondslag, doel en middele as in die verskillende ledeverenigings sal wees, maar ook hoe dit saam gehandhaaf en nagekom word.

Die Bond se doel is in hoofsaak tweërlei en wel eerstens om die belange van die *verenigings*, wat daarby aangesluit is, huishoudelik en administratief te behartig. Dit is ongetwyfeld die vernaamste taak van die verskillende verenigings in Bondsvergadering byeen deur hul verteenwoordigers. Dit is ook reg, maar dit is nie al nie. Op die kongresse word nog meer gedoen as net werk van huishoudelike en administratiewe aard. Dit moet veel meer van mekaar onderskeie en geskeie word. Daar moet besonderlik, en dit is ongetwyfeld 'n tweede en hoër doel, georganiseer word om die eintlik werk van die J.V.'s en also ook van die Bond op die voorgrond te bring. Die verenigings moet nie net deur hul verteenwoordigers stem nie, maar ook *as verenigings* tot uiting kom, soos dit geskied in Nederland by hul "Toogdag" en soos ons in Suid-Afrika 'n begin gemaak het met ons "Trekdag." Dan kry die lede van die verenigings, die jongmense, kans om deel te neem aan die *Bondslewe* self. Dit is baie belangrik. Hulle sal dan wel veel kragtiger in hul verenigingslewe wees.

By geleentheid van sulke groot sametrekkinge van jongmense, lede van verenigings, word 'n atmosfeer geskep, word die jongmense in hul element gestel en kry die samekomste 'n feestelike karakter. Bo alles deur gesamentlike aksie (sang, gebed, verkeer) word die skoonste geleentheid gebied om deur toesprake, lesings, ens. te leer (studie) en uit te kom vir die Gereformeerde Belydenis en beginsels. "*Het doen kennen en doen belyden*" van die Gereformeerde beginsels vir kerk, staat, en maatskappy, soos die beweging se grondwetlike doelstelling is!

Miskien moet mettertyd die Trekdag die hoofsaak word en die hou van Bondsvergaderings die bysaak. Die vraag mag selfs gestel word of die beginsel nie eis nie dat dit *moet* gebeur.

Watter *hulpmiddels* het die *Bond* in sy groot taak?

In Nederland het hulle twee *hulporgane*, naamlik die *Afdelings* en *Ringe*. Hier in Suid-Afrika het ons nog nie verder gekom nie as net afdelings, wat in werklikheid ringe is. In Nederland het 'n mens die Afdelings wat bestaan uit al die *ringe* van die *Provinsie*. In die Provinsies is die *verenigings* weer in *ringe* ^[31] georganiseer. Hierdie Afdelings en Ringe is nie groter en kleiner *Bondjies* nie, ook nie takke en groepe van takke nie. Nee, hulle is *hulporgane* van die Bond. Dr. Knoppers (a.w. dl. II p. 115) sê dan ook baie duidelik dat die opklimming is

Nie "Vereeniging—Ring—Afdeling—Bond

Maar "Vereeniging—Bond
Hulporganen Afdeeling—Ring."

Die Nederlandse Bond van J.V.'s op G.G. spreek ook duidelik in Art. 7 van hul Bondsreglement en sê: "Ten einde *den arbeid van de Bond* voor de *leden* zoo vruchtbaar mogelijk te doen zijn, worden *dezen* vereenigd in Bondsringen en provinciale afdeelingen."

Ons mag dus veilig aanneem dat enige hulp orgaan. soos Ring of Afdeling, iets is van die *Bond* en nie van verenigings apart van hul Bond nie. Hier uit volg dadelik dat watter onderverdeling van werk daar ook al gemaak word, dit saak van die Bond is en nie van verenigings apart nie. In Nederland is die onderverdeling volkome deurgetrek. Knoppers (a.w. dl. II p. 121) sê daarom ook: "Is zoo de *Bondsarbeid* nationaal, de Afdeelings-arbeid provinciaal, de locale toepassing daarvan ligt voor rekening van de Ringen."

Dus die onderverdelings is volgens die "beginsel" "dat zij geen afzonderlijke Bonden zijn, maar hulporganen van den Bond."

Insake die *verhouding van die hulporgane tot die Bond*, mag ons hier aanhaal wat Knoppers (a.w. dl. II p. 119) bybring van "hetgeen de heer J. Wijnbeek, secretaris van den Bond, uitsprak in 1924 over "De verhouding van den Bond tot de Provinciale Afdeelingen," waarbij hij uitging van deze gedachten:

1. De rechtsgrond voor onze Bondsorganisatie was en is nog steeds, de plaatselijke Jongelingsverenigingen in de gelegenheid te stellen aan haar roeping te beantwoorden.
2. De organisatie in provinciale afdeelingen is alleen ingevoerd, ten einde de organisatie beter te doen werken en de verenigingen meer vruchten te doen plukken van den gemeenschappelijken arbeid.
3. De arbeid der provinciale afdeelingen heeft derhalve, ook organisatorisch, een natuurlijke begrenzing.
4. De Bond heeft ten opzichte der afdeelingen tweeërlei taak, een preventieve, zich uitend in het geven van leiding, en een repressieve, zich uitend in het houden van toezicht op den arbeid der afdeelingen.
5. De dubbele taak van den Bond wordt vergemaklijkt door de samestelling van het Bondsbestuur, zooals ons Bondsrecht die kent; het is echter onjuist, te beweren dat de provinciale afdeelingen in het Bondsbestuur zijn "vertegenwoordigd."

Dit verduidelik die verhouding van afdelings tot die Bond en ons hoef daarvoor niks meer te sê nie. Alleen moet nog terug ^[32] gekom word op *die samestelling en taak van die afdelings of hulporgane*.

Hoe vind die samestelling plaas? Allereers deur 'n Bondsbesluit en die nodige reëling in die Bondsreglement. Die samestelling gaan dus uit van die Bond self. Die bepaal dat sodanige onderverdeling sal gemaak word en bepaal ook die grense daarvan. As dit vasstaan dan volg die tweede stap nl. dat die verenigings, wat binne die bepaalde grense val, bymekaar kom vir die volgende werksaamhede:

a. *Verkiesing van 'n afdelingsbestuur.*

Dit geskied op 'n afdelingsvergadering deur die afgevaardigdes van al die ringe, wat in die afdeling werk. In Suid-Afrika, waar ons nog net afdelings het, kies die afgevaardigdes van die *verenigings* wat die afdeling uitmaak. Sodra ons egter ook ringe het, sal afgevaardigdes van *ringe* die afdelingsbestuur kies. Die afgevaardigdes kies die bestuur dan so dat elke vereniging (soos nog in ons geval), of as daar ringe is, elke ring 'n verteenwoordiger op die bestuur het. In Nederland word ook vir elke bestuurslid 'n secundus gekies. Dit is om seker te maak dat op die bestuursvergaderings van die afdelings daar altyd volle verteenwoordiging is.

Dieselfde prosedure word gevolg om 'n Ring saam te stel, alleen net met hierdie onderskeid dat op die Ringsvergadering afgevaardigdes van *verenigings* stem en daar op die bestuur vir elke vereniging 'n verteenwoordiger gesorg word.

b. *Opstelling van 'n huishoudelike reglement.*

In hierdie reglement moet vasgelê word die werk van die bestuur, die hou van vergaderings van die afdeling of die ring, subskripsie ens. Natuurlik, hierdie werk sal met die eerste vergadering hoofsaaklik afgehandel word, sodat op die volgende vergaderings die gewone werksaamheid voortgesit word.

Wat is nou die *taak*, die *werk van die afdeling of ring*? As ons aanvaar dat die afdeling of ring alleen hulporgaan van die Bond is en nie 'n eie aparte organisasie nie, dan moet as beginsel hier geld dat die afdeling of ring bepaal is tot dieselfde werksaamheid as die van die Bond, insover dit vir die afdeling of ring uitvoerbaar is. Daarom bepaal die Nederlandse Bond ook die afdelings (volgens 'n model-afdelingsreglement in hul Jaarboek 1938 p. 199) dit as volg (Art. 4): "De Afdeeling zal voor haar *arbeid* gebruik maken van de middelen, die het bondsreglement in art. 4 aangeeft, voorzover deze op het terrein der afdeeling liggen en met inachtneming van het bepaalde bij artikel 47 lid 1 van het bondsreglement." Art. 47 (1) verbied afdelings en ringe om boeke en geskrifte uit te gee ens.

Die eerste beginsel hier is dus dat die afdelings en ringe, wat staan op dieselfde grondslag as die Bond en* bepaal is tot die selfde doel en middele alleen *Bondswerk* doen, sover dit op hul terrein lê. Daarom moet die ringe aan die afdelingsekretaris en die afdelings aan die Bondsekretaris rapport doen van die ^[33] werksaamhede, terwyl die Bondsbestuur weer rapport doen aan die Bondsvergadering of kongres.

Om die bepaalde taak van die afdelings en die ringe duidelik te verstaan, word hier in Afrikaans vertaal wat Dr. Knoppers (a.w. dl. II p. 118 vv.) daarvan sê. Hy omskryf die taak van die afdelings as volg: "Die bestuur van elke Provinsiale Afdeling sien toe op die arbeid van die Bondsringe, binne die grense van die Afdeling en gee ook leiding aan die arbeid. Voorts gee dit sy medewerking waar dit nodig is of waar dit gevra word. Soveel moontlik moet op elke Ringsvergadering een lid van die betrokke Afdelingsbestuur teenwoordig wees.

Die Afdelingsbestuur kom jaarliks minstens eenmaal, as dit nodig geoordeel word, met twee afgevaardigdes van elke ringsbestuur saam, by voorkeur in die eerste helfte van September ten einde 'n plan van werksaamheid vir die dan volgende winterseisoen te bespreek en die besoek (van afdelings bestuurslede, die *Bondsbesoek* genoem) aan die aangeslote verenigings te reël. Vir die besoek word dan 'n program vasgestel, waaraan die besoekers hulle soveel moontlik hou.

Van die besoek, hierbo genoem en waarvoor by voorkeur afdelingsbestuurslede maar ook, as dit nodig is, lede van die ringskommissies aangewys word, moet jaarliks voor 15 Maart 'n rapport opgemaak en aan die afdelingsbestuur se sekretaris gestuur word. Hy maak dan uit die rapporte een sentrale rapport op en stuur daarvan aan die *Bondsekretaris* 'n afskrif. Dr. Knoppers wys verder op die belangrikheid van die Bondsbesoeke waarvoor die afdelingsbestuurslede, wat die besoek moet doen, gewoonlik 'n leidraad kry. Belangrik is ook, sê hy verder, die sogenaamde "Leidersvergaderingen"

binne die provinsiale ressort. Hy noem dan voorts nog die jaarvergadering van die afdeling. Dit is hul "toogdag" . . . Waar die afdeling hulporgaan is van die Bond, is dit nodig om in die Bond die kontak daarmee te bewaar of te versterk. Hierdie taak word vergemaklik deur die wyse van samestelling van die Bondsbestuur wat behalwe 5 lede, gekies deur die algemene vergadering, uit soveel lede bestaan as wat daar Provinsiale Afdelings is.

Ten opsigte van die taak van die Ring, sê Dr. Knoppers o.a. die volgende: Een van die vernaamste middels, wat die Ringe van diens is, is die Ringsvergaderings, waar *Bondsarbeid* verrig word met *spesiale toepassing vir die verenigingslewe* in een bepaalde streek. Daarby is ook van belang die sogenaamde Ringsbesoek, waardeur leiding gegee aan en toesig op die werksaamhede van die verenigings gehou word.

Ons vat nog net saam dat hier behandel is die samewerking van die verskillende J.V.'s op G.G. in een Bond met die verskillende hulporgane, wat almal Bondswerk doen.

B. BONDE.

In Nederland is die moederbond van Jongelings- en meisiesverenigings op Gereformeerde Grondslag. Daar is ook ^[34] nog die Bond van Christelik Gereformeerde Jongelingsverenigings en die Bond van Nederl. Hervormde Jongelingsverenigings op Gereformeerde Grondslag. In Nederland het ons dus te doen met verskillende Bonde, wat op Geref. Grondslag staan. Wat is daar die onderlinge verhouding tussen hierdie Bonde?

In die eerste plek is daar 'n vaste verhouding tussen die Bond van Jongelingsverenigings op G.G. en die meisiesverenigings op G.G. Hulle het 'n gemeenskaplike "Contact-Commissie" bestaande uit "de moderamina der genoemde Bonden" wat hulle belange behartig. Hierdie kommissie is adviserend van karakter en skryf jaarliks 'n "Leidersconferentie" uit. Maar die twee bewegings het ook 'n verder ooreenkoms, waarvolgens 'n gemeenskaplike kommissie 'n tydskrif uit gee. Dit heet *Boeken-keur* en bevat resensies van boeke. Met die ander genoemde jeugbewegings is daar geen vaste kontak nie.

In Suid-Afrika is daar, deur omstandighede, drie Bonde van J.V.'s op G.G. Hulle staan op dieselfde terrein, het een en dieselfde grondslag. Ook hul doel is eners. Al drie staan dus op een en dieselfde beginsel, net hulle is nie al drie ewe ver gevorder in hul ontwikkeling en organisasie nie.. Van die begin af was daar kontak tussen die Bonde. Hierdie kontak het vir jarelank alleen daarin bestaan dat daar gereelde korrespondensie was en dat gereeld oor en weer die groete oorgebring is deur afgevaardigdes.

Hierdie drie Bonde is die van die Transvaal, die oudste, die van die K.P. en van die O.V.S. Ledeverenigings van hierdie Bonde lê verstrooid oor die hele Unie van Suid-Afrika, Suid-Wes-Afrika, Natal en Kenya, en tog tel vandag al drie Bonde skaars 60 georganiseerde verenigings, wat somtyds meer as duisend myl ver uitmekaar lê. Afstande, wat so onsaglik groot is in Suid-Afrika, is dus een van die vernaamste moeilikhede, waarmee die Bonde te kampe het. Ook mag nooit uit die oog verloor word nie dat die Provinsiale grenslyne in Suid-Afrika veel meer is as net geografiese afbakenings. Die ontwikkeling van die Kaapprovinsie, die oudste van die provinsies, met sy eienaardige geskiedenis, is anders as die van die Transvaal, wat feitlik 'n worstelperk in die geskiedenis van die Afrikaners genoem kan word. Die O.V.S. wat tussenin lê, 'n baie rustiger ontwikkeling gehad het, sonder seehawens en mynvelde, word in sy geskiedenis ook weer anders gekarakteriseer.

Ons sien dit selfs in die kerklike lewe. Hoewel al die Geref. Gemeentes in Suid-Afrika van die begin af (1859) in een en dieselfde kerkverband geleef het, dra feitlik elke Provinsie se gemeentes iets eie. Ook die Ned. Geref. Kerk toon dit. Hulle het selfs vier aparte en selfstandige Ned. Geref. Kerke, wat alleen saamgebind word deur 'n "Raad der Kerke," maar 'n swak band.

So verskil die Bonde in die drie Provinsies ook provinsiaal vanmekaar. Maar na mate hulle uitgebrei en ontwikkel het, na die mate het die behoefte aan nouere samewerking sterker geword. Dit is veral gevoel toe daar indertyd twee selfstandige ^[35] Bondsblaaie, Die Bondsblad en Die Moreskof, verskyn het. Die Bonde was eenvoudig te swak om elkeen sy eie Blad tot ontwikkeling en uitbreiding te bring. Jarelank is daar gekonfereer, totdat eindelijk tot stand gekom het die *Federasie van Bonde van Jongeliedeverenigings op Gereformeerde Grondslag in Suid-Afrika*. Kort na die totstandkoming van die Federasie het ook die O.V.S. se Jongeliedeverenigings op G.G. tot die stigting van 'n Bond oorgegaan en toegetree tot die Federasie.

Die basis van ooreenkoms, wat deur al drie die Bonde, op hul kongresse aanvaar is, mag hier wel 'n plekkie kry. Dit lui as volg:

I. NAAM.

Die Bonde van J.V.'s op G.G. in die Transvaal en Kaap-provinsie verenig hulle tot 'n Federasie onder die naam DIE FEDERASIE VAN BONDE VAN J.V.'S OP G.G. IN S.A.

II. TOETREDING.

Elke Bond wat wens toe te tree tot die Federasie moet staan op G.G., moet per kongresbesluit en oorlegging van sy Statute aansoek doen en word as lid van die Federasie erken en toegelaat as die kongresse van die verskillende Bonde toestem.

III. DOEL.

Die doel van hierdie Federasie is:—Die Gefedereerde Bonde se algemene belange te behartig.

Tot die algemene belange hoort:—

- i. Kontak te hou met Buitelandse Bonde wat op dieselfde grondslag staan.
- ii. Federale konferensies in oorleg met die Bondsbesture op te roep en te organiseer.
- iii. Gemeenskaplike belange van die Bonde te behartig.

IV. MIDDELS.

As middels om die doel te bereik word gebruik:—

- i. 'n Federale bestuur.
- ii. Publikasie van literatuur.
- iii. Bevordering van Bondsbiblioteeksbelange.
- iv. 'n Algemene blad sodra dit moontlik is.

V. BESTUUR.

- i. Die bestuur van die Federasie sal bestaan uit twee lede van elk van die Bonde in die Federasie, wat vir drie jaar deur die respektiewe kongresse uit hulle Bondsbesture gekies word.
- ii. Hierdie bestuur kies sy eie ampsdraers elke jaar, met dien verstande dat die voorsitterskap by toerbeurt toekom aan elke Bond, wat lid van die Federasie is, beginnende by die oudste Bond in die Federasie.
- iii. Die bestuur stel sy eie huishoudelike reglement op, volgens die beginsels van hierdie konstitusie. ^[36]
- iv. Besluite word geneem by meerderheid van stemme en by staking van stemme word die saak beskou as van die tafel af.
- v. Elke Bond van die Federasie dra self die onkoste van sy verteenwoordigers op die bestuur.

Klerikale (klerklike) uitgawes, soos skryfbehoeftes, druk van reëls, kennisgewings ens. word onder die samestellende Bonde pro rata verdeel, volgens die aantal verenigings in die respektiewe Bonde.

vi. Die bestuur doen jaarliks verslag aan die Bondsbesture, wat weer verslag doen aan die Kongresse.

vii. In dringende sake handel die voorsitter en sekretaris.

VI. SELFSTANDIGHEID.

Elke Bond in die Federasie bly volkome selfstandig binne die grense van sy Provinsie. Enkele verenigings in Provinsies, waar nog geen Bonde bestaan nie, sal met advies van die Federale Bestuur aansluit by een van die Bonde wat reeds tot die Federasie toegetree het, tot tyd en wyl in die Provinsie 'n eie Bond tot stand kom.

VII. ONTBINDING VAN DIE FEDERASIE.

By eventuele ontbinding van die Federasie word sy besittings gelykop verdeel onder die Bonde wat die Federasie uitgemaak het ten tyde van die ontbinding. Tree een enkele of meer Bonde uit die Federasie, om watter redes ook, verval al sy regte in alle opsigte.

VIII. STATUTE.

Hierdie statute kan alleen verander word as die kongresse van die samestellende Bonde daartoe besluit.¹

Dit was die basis van ooreenkoms, wat opgestel was in die handskrif van die Transvaalse Bond van J.V.'s op G.G. se sekretaris, deur homself op *die K.P. se kongres voorgelê*. Al drie kongresse het dit aanvaar.

Wat blyk nou uit hierdie konstitusie? Die volgende:— Eerstens dat die Bonde nog 'n middel ter bevordering van hul Bondsbelange gevind het. Hierdie bestuur van die Federasie bestaan uit mense, wat deur die *kongresse self* gekies is, soos die afdelingsbesture deur hul ringe, en die ringsbesture deur hul verenigings gekies word.

Tweedens die kontak word behoorlik gehandhaaf daardeur *dat* die lede van die federale bestuur gekies word uit die Bondsbestuurslede van die Bonde in Federasie. Die Bestuur van die Federasie rapporteer aan die Bondsbesture en die weer aan die Kongresse.

Derdens die bestuur van die Federasie het 'n *bepaalde, omskrewe opdrag van die drie kongresse*. Maar hul opdrag is ook niks anders nie as net *Bondswerk*, wat die kongresse in hul hande gestel het, naamlik wat in artikels III en IV beskryf is en hierop ^[37] neerkom: 1) hulle onderhou die kontak met Bonde, wat op dieselfde grondslag staan; 2) hulle is verantwoordelik om konferensies op te roep, wat ledeverenigings van al die gefedereerde Bonde geld; 3) hulle is verantwoordelik vir die uitgee van die nodige literatuur, wat die opbou van die Bonde se lede moet dien; 4) hulle moet sorg vir biblioteekbelange en 5) hulle moet die uitgee van een blad vir al die Bonde behartig.

Dit is alte jammer dat weens die groot afstande en ander faktore hierdie stukkies eg Afrikaanse organisasie van die Bonde van J.V.'s op G.G. nog nie die gewenste resultate kan wys nie.

C. VERBAND MET ANDER JEUGARBEID.

Die jeugbeweging op Gereformeerde grondslag in Suid-Afrika is bewus, dat daar veel meer jeugarbeid is as net die, wat gedoen word in die J.V.'s op G.G., hul Bonde en hul Federasie. Dit is daarom nodig dat ook hier duidelik aan die lig kom in watter verhouding die menigvuldige jeugarbeid onderling te sien is. Dit sal ook baie misverstand uit die weg ruim; baie vergeefse arbeid voorkom en oorvleueling uitskakel.

¹ Enkele wysigings is aangebring, bv. in art. IV (iv), V 00, (v).

Om tot die regte insig te kom, moet ons eers weer in herinnering bring die nodige onderskeiding wat gemaak is in ons inleiding, sonder om daarop weer in besonderhede in te gaan.

In die Inleiding is die onderskeid gemaak tussen *Jeugsorg* en *Jeugbeweging*. Jeugsorg is die arbeid wat van die oueres of liggame ten behoeve van die jeug, kind sowel as die rypende jeug, uitgaan. Jeugbeweging is die eie inisiatief, die selfwerkzaamheid van die jongmense in hul eie belang. Dit natuurlik is 'n arbeid wat uiteraard alleen by die jongmense te vind is, omdat die kind nog nie selfstandig kan handel, organiseer en werk nie.

Dit stel ons in staat om verdere onderskeidings te maak. *Uiteraard begin ons dan met ons ondersoek na die regte verband met ander jeugbewegings*, wat met die jeugbeweging op Gereformeerde Grondslag op dieselfde terrein staan. In hierdie verband mag dan al dadelik gesê word dat, ingeval daar een of ander Bond van Jongeliedeverenigings is met dieselfde grondslag, doel en werkmethode as die van die J.V.'s op G.G., al is die lede van die verenigings nie lidmate van die Gereformeerde kerk nie, so 'n Bond by die Federasie van Bonde van J.V.'s op G.G. in Suid-Afrika kan en behoort aan te sluit. Maar so 'n organisasie is tot nog toe nie gevind nie.

Die enigste organisasie, wat enigsins van algemene aard is soos die Bonde van J.V.'s op G.G. is die *Christelike Jongeliedeverenigings*² van die Nederduits Gereformeerde Kerk in S.A. Van die kant van die Bonde van J.V.'s op G.G. is telkens behoefte gevoel om 'n verbandsreëling met genoemde organisasie in die lewe te roep. Daar het tot nog toe geen vordering gekom nie.

- (d) Met die oog op nuwe lede van die Bond en veranderde omstandighede kan op die jaarlikse kongres van die Bond wysigings aangebring word in die grense van die afdelings met goedkeuring egter van die betrokke afdelings.
- (e) In die afdelings mag geen verenigings opgeneem word wat nie by die Bond aangesluit is nie.
- (f) Die afdeling sal genoem word na die plek wat as sentrale punt beskou kan word of na die omgewing waar dit gevestig is. Die afdeling stel self die naam vas met inagneming van hierdie artikel.

TOETREDING EN UITTREDING.

Artikel 10.—

- (a) 'n Vereniging wat wil toe tree as lid van die Bond, gee daarvan kennis aan die Bondsbestuur met voorlegging van sy statuut en vermeld ook tot welke afdeling hy sal behoort.
- (b) As die formulering Van grondslag en doel geen beswaar oplewer teen die toelating nie, word die Vereniging as Bondslid toegelaat en gee die Bondsbestuur kennis van die toelating deur offisiële kennisgewing in die Bondsorgaan.

- (c) 'n Aangeslote vereniging het die reg om binne een maand van publikasie van die kennisgewing van toelating beswaar aan te teken teen die toelating.
- (d) Word beswaar gemaak deur 'n aangeslote vereniging tot die toelating beslis die Bondsbestuur nadat beide partye gehoor is.
- (e) Indien een van die partye sy besware handhaaf, het hy die reg om hom te beroep op die kongres.

Artikel 11.—

- (a) Lede van die Bond wat in stryd handel met die Bondsreglement of Afdelingsstatuut of wat wettige besluite teenwerk of wat die bond in opspraak bring, kan deur die Bondsbestuur geskrap word behoudens beroep op die kongres. In geval ^[77] van beroep op die kongres word die vereniging geskors totdat die kongres uitspraak gegee het.
- (b) As die bestuur van 'n afdeling van oordeel is dat 'n vereniging as lid geskrap moet word, moet die redes aan die Bondsbestuur voorgelê word en moet die Bondsbestuur die Vereniging hoor.
- (c) Wanneer 'n vereniging as Bonds lid geskrap word, het dit ook verlies van lidmaatskap van die afdeling as gevolg.

Artikel 12.—Verenigings wat hulle vrywillig onttrek aan die organisasie of wat as Bonds lid geskrap word, het in geen geval reg op terugbetaling van kontribusie nie en kan geen aanspraak maak op die gelde of besittings van die Bond of afdeling nie.

DIE BONDSBESTUUR.

Artikel 13.—

- (a) Die Bondsbestuur bestaan uit:—
 - (i) Die uitvoerende bestuur van vier lede, nl. die voorsitter, die organiserende sekretaris (met die amp van vise-voorsitter), die sekretaris-penningmeester, die vise-sekretaris-penningmeester (waarvan Ig. 'n dame moet wees).
 - (ii) Die voorsitters (of hulle sekundi, met adviserende stem) van die afdelings (genoem in sub-artikel (b)).
- (b) Vir die doel van hierdie artikel bestaan daar in Transvaal die volgende afdelings:—
 - (i) Afdeling Pretoria.
 - (ii) Afdeling Johannesburg.
 - (iii) Afdeling Oos-Rand.
 - (iv) Afdeling Brits.
 - (v) Afdeling Potchefstroom (vir W. Transvaal).
 - (vi) Afdeling Ermelo (vir O. Transvaal).
 - (vii) Afdeling Pietersburg (vir N. Transvaal).
 - (viii) Afdeling Rustenburg.
- (c) *Die uitvoerende bestuur* word vir 'n periode van drie jaar deur die kongres gekies. Die eerste jaar tree twee bestuurslede af, die tweede en derde jaar tree een bestuurslid af as volg:

Die eerste jaar (1941) die ondervoorsitter en die vise-sekretaris-penningmeester.

Die tweede jaar die voorsitter.

Die derde jaar die sekretaris-penningmeester.

- (d) Aftredende bestuurslede is onmiddellik herkiesbaar.

- (e) In geval 'n vakature ontstaan voor 'n kongres word die vakature tydelik gevul deur een van die reeds gekose bestuurslede op aanwysing van die Bondsbestuur tot die eersvolgende kongres.
- (f) Elke vereniging op die kongres verteenwoordig is geregtig om vir elke vakature een kandidaat voor te stel. Dit moet uitdruklik aangegee word vir welke vakature die kandidaatstelling geld. Die Bondsbestuur sal uit die name voorgestel deur die [78] afgevaardigdes 'n groslys van genomineerde kandidate opstel waaruit die respektieflike kandidate gekies sal word.

Artikel 14—

- (a) Die Bondsbestuur word deur die Kongres gekies vir die periode van drie jaar.
- (b) Die Bondsbestuur bepaal die plek waar die Bondsburo gevestig sal wees en stel die vise-sekretaris-penningmeester verantwoordelik vir die goeie orde en werksaamheid van die Buro.

Artikel 15—

- (a) Die uitvoerende bestuur vergader minstens eenmaal per maand.
- (b) Die volle Bondsbestuur vergader tenminste eenmaal per half jaar.
- (c) Die koste gemaak deur die lede van die Bondsbestuur ten behoeve van die Bond kom vir rekening van die Bondskas.

Artikel 16.—

- (a) Die Bondsbestuur is in die algemeen belas met die leiding van die Bond en sy werk. Dit verteenwoordig die Bond na buite en is verantwoordelik teenoor die Kongres vir die gereelde en goeie gang van sake.
- (b) Die Bondsbestuur handhaaf Statute en Reglement en gee uitvoering aan die besluite wat geneem word terwyl elke lid hom verbind om die belange van die Bond kragtig te steun in sy betrokke funksie en omgewing.
- (c) Die daelikse leiding van sake is in die hande van die uitvoerende bestuur.
- (d) Op elke bestuursvergadering gee die uitvoerende bestuur 'n kort oorsig van die werk wat sedert die vorige vergadering gedoen is. So ook gee elke ander Bondsbestuurslid 'n kort oorsig van die werk wat sedert die vorige vergadering gedoen is.
- (e) Vir die aangaan van geldelike verbintenisse, wat nie direk voortvloei uit 'n kongresbesluit nie, is magtiging nodig van die Bondsbestuur.

ERE-ADVISEURS.

Artikel 17.—

- (a) Deur die kongres kan op voorstel van die Bondsbestuur persone tot ere-adviseurs benoem word, wie se benoeming in die belang van die Bond beskou kan word. Die aantal ere-adviseurs word beperk tot vyf.
- (b) Die ere-adviseurs moet gesoek word buite die kring van die Bondsbestuur of enige onderdeel van die organisasie en buite die lede van die aangeslote verenigings. Deur die aanvaarding van enige funksie in die organisasie hou hulle op om ere-adviseurs te wees.
- (c) Die ere-adviseurs het die reg om alle vergaderinge van die Bondsbestuur en van die Bond by te woon en ontvang vir die vergaderinge 'n uitnodiging met agendum.

Artikel 18—

- (a) Die Bondsbestuur kan uit eie beweging of kragtens opdrag van enige vergadering van lede van die Bond oor enige saak die oordeel van elke ere-adviseur vra.

- (b) Wanneer 'n vergadering van lede van die Bond 'n oordeel versoek het kragtens sub-artikel (a) van hierdie artikel word die oordeel in die Bondsorgaan gepubliseer.
[79]

AFDELINGSBESTURE.

Artikel 19.—

- (a) Die bestuur van elke afdeling word gevorm deur ten minste soveel persone as wat daar lede van die afdeling is, met dien verstande dat elke vereniging 'n gelyke aantal afdelingsbestuurslede benoem.
- (b) Die saamstelling van die bestuur van die afdeling word deur die afdelingsstatuut gereël.

DIE KONGRES.

Artikel 20.—

- (a) Elke jaar word 'n kongres gehou waarop elke aangeslote vereniging deur "twee afgevaardigdes verteenwoordig word.
- (b) Op die kongres word die beskrywingspunte behandel wat op die agendum voorkom en word die verslae van elke Bondsbestuurslid bespreek.

Artikel 21.—

- (a) Elke afgevaardigde het op die kongres een stem.
- (b) Die lede van die Bondsbestuur en die afgevaardigdes van die afdelings het op die kongres 'n adviserende stem.
- (c) Oor persone word skriftelik, oor sake mondelings gestem. 'n Volstrekte meerderheid beslis.

BUITENGEWONE KONGRES.

Artikel 22.—Vir die behandeling van dringende en belangrike sake kan 'n buitengewone kongres opgeroep word deur die Bondsbestuur of op versoek van ten minste twee afdelings.

BESKRYWINGSPUNTE.

Artikel 23.—

- (a) Die aangeslote verenigings en *die afdelings* kan enige tyd beskrywingspunte ter behandeling van die kongres by die Bondssekretaris indien. Om vir behandeling op die kongres in aanmerking te kom moet hierdie beskrywingspunte ten minste twee maande voor die kongres ingedien word.
- (b) Die beskrywingspunte, tesame met die van die Bondsbestuur, moet deur die Bondssekretaris aan die verenigings bekend gemaak word ten minste een maand voor die kongres.

Artikel 24.—'n Beskrywingspunt waaroor 'n besluit geneem is op die kongres, kan nie op die agendum van die eersvolgende kongres geplaas word nie.

OPENING EN SLUITING.

Artikel 25.—Elke kongres van die Bond word met die sing van 'n Psalm, die lees van 'n gedeelte uit Gods Woord en gebed aangevang en met dankgebed beëindig.

JAARVERSLAE.

Artikel 26.—

- (a) Die Bondssekretaris stuur elke jaar ten minste drie maande voor die kongres aan elke aangeslote vereniging 'n vraelys wat deur die vereniging ingevul en teruggestuur moet word ten minste twee maande voor die kongres.

- (b) Elke Afdelingsbestuur stuur elke jaar ten minste twee maande voor die kongres aan die Bondssekretaris 'n kort verslag van die werk van die afdeling. ^[80]
- (c) In die verslag van die Bondssekretaris word die verslae behandel wat genoem is in sub-artikels (a) en (b) van hierdie artikel.
- (d) Elke Bondsbestuurslid stuur aan elke vereniging 'n kopie van sy jaarverslag wat hy op die kongres gaan voorlê, ten minste ses weke voor die kongres.

FINANSIES.

Artikel 27.—

- (a) Die finansiële jaar van die Bond sluit op 31 Desember.
- (b) 'n Begroting van die inkomste en uitgawe van die Bondskas word aan die begin van elke jaar deur die Bondsbestuur opgetrek en voor die Kongres gelê vir goedkeuring. Hierdie begroting moet ingesluit word by die verslag van die Bondspenningmeester genoem in Art. 26 (d).
- (c) Die inkomste van die Bondskas word as volg verkry:—
 - (i) Die aangeslote verenigings betaal jaarliks aan die Bondskas 1d. per J.V. lid per maand. Vir hierdie berekening word aangeneem die aantal lede van elke Vereniging soos vermeld op die vraelys genoem in Sub-Art. (a) van Art. 26.
 - (ii) Die Kongres kan middels aanwys waarvolgens die Bondsbestuur fondse vir die Bondskas kan insamel.
 - (iii) As die beraamde inkomste onder (i) en (ii) minder is as die totale beraamde uitgawe van die Bondskas dan word die verskil verdeel tussen die Afdelings op basis van die aantal J.V. lede wat onder die Afdeling sorteer. Vir hierdie doel word elke Vereniging wat lid van die Bond is, maar wat nog nie onder 'n Afdeling sorteer nie, beskou as 'n Afdeling.
- (d) Alle gelde is betaalbaar voor 31 Desember van elke jaar.
- (e) Die Bondsbestuur kan op aanvraag van 'n Vereniging die betaling van die kontribusie vir 'n jaar geheel of gedeeltelik kwytsteld.
- (f) Die Kongres benoem elke jaar 'n ouditeur om die boeke van die Bondspenningmeester vir die lopende jaar te ouditeer. Die verslag van die ouditeers moet aan die Vereniging bekend gemaak word ten minste ses weke voor die volgende Kongres.
- (g) Elke J.V. en Afdelingsbestuur stuur jaarliks ten minste twee maande voor die Kongres 'n finansiële verslag aan die Bondsbestuur.
- (h) Die Bondspenningmeester handel volgens reëls wat deur die Bondsbestuur neergelê word.

BONDSPUBLIKASIES.

Artikel 28.—

- (a) Die offisiële orgaan van die Bond is die Bondsblad.
- (b) Elke vereniging moet intekenaar wees van die Bondsblad en alle verenigings moet toesien dat hulle lede inteken op die Bondsorgaan.

Artikel 29.—

- (a) Alle uitgawes van boeke en geskrifte wat vir die Verenigings van belang mag wees word deur die Bond gedoen. ^[81]
- (b) Die Bondsbestuur kan spesiale kommissies benoem om vir die uitgee van leidrade, boeke en geskrifte te sorg.

Artikel 30.—Wysigings in hierdie reglement kan alleen aangebring word met volstrekte meerderheid van stemme op 'n kongres waarop ten minste twee-derde van die aangeslote verenigings verteenwoordig is.

H. BONDSREGLEMENT (Kaapprovincie).

I.—NAAM:

Die Jongeliedeverenigings op Gereformeerde Grondslag in die Kaapprovinsie is verenig in 'n Bond onder die naam: DIE BOND VAN JONGELIEDEVERENIGINGS OP GEREFORMEERDE GRONDSLAG IN DIE KAAPPROVINSIE.

II—DOEL.

Die doel van hierdie vereniging van die Jongeliedeverenigings op Gereformeerde Grondslag in die Kaapprovinsie in een Bond is:

- i. Gesamentlike aksie van die jongeliedeverenigings op Gereformeerde Grondslag;
- ii. die in- en uitwendige bloei van die bestaande en nog op te rigte Jongeliedeverenigings op Gereformeerde Grondslag;
- iii. die nastrewing van die doel van die Jongeliedevereniging op Gereformeerde Grondslag, wat as volg omskryf word:

Die Bond beskou dit die doel en roeping van die Jongeliedevereniging op Gereformeerde Grondslag om, ter voorbereiding vir hul toekomstige lewenstaak, die jongmense ooreenkomstig ons Calvinistiese volkskarakter die Gereformeerde beginsels vir Kerk, Staat en Maatskappy te leer ken en bely.

III.—GRONDSLAG.

Die Bond stel hom op Gereformeerde Grondslag naamlik die onfeilbare Woord van God, die Bybel, en wel volgens die opvatting van die Drie Formuliere van Enigheid van die Gereformeerde Gemeentes van Suid-Afrika.

IV.—MIDDELE.

As, middele om sy doel te bereik beskou die Bond:—

- i. Die bevordering van die eenheid in wese en doel van die Jongeliedevereniging op Gereformeerde Grondslag;
- ii. hulpverlening. in watter vorm ook al, aan bestaande Jongeliedeverenigings op Gereformeerde Grondslag;
- iii. bevordering van die oprigting van Jongeliedeverenigings op Gereformeerde Grondslag.
- iv. op te tree in belang of vir die eer van die Jongeliedevereniging op Gereformeerde Grondslag;
- v. die instandhouding van 'n blad wat gewy is aan die belange van die Jongeliedeverenigings op Gereformeerde Grondslag; en die uitgawe van sulke geskifte as wat vir die arbeid en die opbou van die verenigings nodig en dienstig mag wees; ^[82]
- vi. die hou van vergaderings waarop die belange van die Verenigings behartig word;
- vii. samewerking te soek met ander jeugbewegings, insonderheid met sulke jeugbewegings in die binne- en buiteland as wat op Gereformeerde Grondslag staan;
- viii. Alles wat regstreeks en sydelings bevorderlik kan wees tot die doel van die Jongeliedevereniging op Gereformeerde Grondslag. solank dit nie in stryd is nie met art. II en III van hierdie reglement.

V.—LIDMAATSKAP.

- i. Lede van die Bond kan alleen wees sulke verenigings as wat op dieselfde grondslag staan as die Bond en met art. III instemming betoon het.
- ii. As ere-lede benoem die Bondsvergadering sulke persone wat hulle jeens die Bond verdienstelik gemaak het of wie se benoeming in belang van die Bond is en deur die Bondsbestuur of tenminste twee Afdelingsbesture voorgestel is.

VI.—ARBEIDSVERDELING.

- A. *Afdelings.*—Ten einde die arbeid van die Bond vir sy ledeverenigings so vrugbaar moontlik te maak, word die verenigings van die Bond in Afdelings georganiseer, wat hul eie huishoudelike reglement in ooreenstemming met die Bondsreglement en met kennis van die Bondsbestuur vasstel. Bondsbestuurslede het vrye toegang na Afdelingsvergaderings.
- B. *Organisasie.*—
 - i. Die Bondsvergadering stel van tyd tot tyd die Afdelingsgebiede vas, en alle by die Bond aangeslote verenigings op 'n Afdelingsgebied vorm saam die Afdeling;
 - ii. 'n Vereniging op 'n Afdelingsgebied doen eers aansoek by die Bondsbestuur om opgeneem te word as lid van die Bond voordat hy by 'n Afdelingsbestuur aansoek doen vir aansluiting by die Afdeling.

VII.—TOETREDING EN UITTREDING.

- i. Wil 'n vereniging by die Bond aansluit, doen hy aansoek by die Bondsbestuur met oorlegging van sy Statute. As die formulering van sy grondslag en doel geen besware teen sy aansluiting oplewer nie, word so 'n vereniging as Bondslid toegelaat en maak die Bondsbestuur dit bekend. Word deur aangeslote verenigings teen die toelating beswaar gemaak, beslis die Bondsbestuur of die Bondsvergadering self;
- ii.
 - a) Lede van die Bond wat in stryd met die Bonds- of Afdelingsreglement handel, of wat wettige besluite teen werk, of wat die Bond in opspraak bring kan deur die Bondsbestuur die lidmaatskap opgesê word. By beroep op die Bondsvergadering word so 'n vereniging tot met die eersvolgende Bondsvergadering geskors;
 - b) As 'n Afdelingsbestuur van oordeel is dat 'n vereniging van die Afdeling sy lidmaatskap verbeur het, wend hy hom na die Bondsbestuur; ^[83]
 - c) 'n Vereniging wat sy lidmaatskap verloor het, of vrywillig uit die Bond tree kan geen aanspraak maak op terugbetaling van enige kontribusie of gelde, of op die besittings van die Bond nie.

VIII.—BONDSBESTUUR.

A. Samestelling.

- i. Die Bondsbestuur bestaan uit 'n voorsitter, 'n ondervoorsitter en 'n sekretaris(esse) en twee of meer lede wat deur die Bondsvergadering gekies word;
- ii. Die voorsitter, die ondervoorsitter en die sekretaris(esse) vorm in die reël die Dagbestuur;
- iii. Die Bondsbestuur verdeel verder die werk onder sy lede, na die eis van die arbeid;
- iv. Aftreding van die Bondsbestuur geskied in die orde wat die Bondsvergadering vasstel;
- v. Aftredende Bondsbestuurslede is herkiesbaar;
- vi. Vakatures op die Bondsbestuur word deur die Bondsvergadering opgevul.

B. Pligte.

- i. Die Bondsbestuur is in algemeen belas met die leiding van die Bond en sy werk, verteenwoordig die Bond na buite en is verantwoordelik aan die Bondsvergadering vir die gereelde en goeie gang van sake;
- ii. Die Bondsbestuur handhaaf die Bondsreglement en gee uitvoering aan die besluite van die Bondsvergadering, terwyl elke lid hom verbind om die belange van die Bond getrou in sy bepaalde werk uit te voer;
- iii. Die Bondsbestuur vergader minstens tweemaal per jaar en alle koste ten behoeve van die Bond word deur die Bondskas gedra;
- iv. Die Bondsbestuur bepaal die plek waar die Bondskantoor gevestig sal wees en stel daarvoor die nodige personeel aan, volgens huishoudelike reglement van die Bondsbestuur;
- v. Die daelikse leiding van sake berus in hande van die Dagbestuur;
- vi. Uit elke Afdelingsbestuur woon twee afgevaardigdes eenmaal per jaar 'n Bondsbestuursvergadering by vir bespreking van die Afdelingsbelange.

IX.—ERE-RAADGEWERS.

Ere-raadgewers word deur die Bondsvergadering aangewys *wanneer en* solank dit in belang van die Bond is.

X.—AFDELINGSBESTURE.

- i. 'n Afdelingsbestuur bestaan uit 'n gelyke aantal verteenwoordigers van elke vereniging van die Afdeling en word deur die verenigings gekies;
- ii. Die samestelling van die bestuur van 'n afdeling word deur die huishoudelike reglement van die afdeling gereël. ^[84]

XI.—BONDSVERGADERING.

- i. Elke jaar word 'n vergadering van verteenwoordigers van alle aangeslote verenigings van die Bond gehou en word genoem Bondsvergadering.
- ii. Op die Bondsvergadering word behandel die verslae van die Bondsbestuur, verslae van kommissies, beskrywingspunte van verenigings en afdelingsbesture, lesings, en mosies wat by die eerste sitting van die Bondsvergadering skriftelik aan die Bondsbestuur oorhandig word.
- iii. Elke afgevaardigde en elke Bondsbestuurslid het op die Bondsvergadering een stem. Afdelingsbestuurslede het alleen adviserende stem, asook diegene aan wie die Bondsvergadering 'n adviserende stem gedurende die vergadering vergun.
- iv. Oor persone word skriftelik en oor sake met opsteking van die hand gestem. 'n Volstrekke meerderheid beslis.
- v. Op versoek van minstens twee Afdelings kan die Bondsbestuur 'n buitengewone Bondsvergadering byeen roep.
- vi. 'n Trekdag van die Bond, as sy groot jeugdag, word jaarliks deur die Bondsbestuur georganiseer.

XII.—FINANSIES.

- i. Elke vereniging van die Bond betaal jaarliks per lid van elke vereniging sodanige heffing as wat die Bondsvergadering vasstel;
- ii. Die Bondsbestuur is gemagtig om die Bondskas te beheer en in 'n Bank 'n rekening op naam van Die Bond van Jongeliedeverenigings op Gereformeerde Grondslag in die Kaapprovinsie te open, waarin alle gelde gestort word en alle uitbetalings per tjek, wat deur twee lede van die Dagbestuur geteken word, gedoen word;

- iii. Die verenigings van die Afdelings reël by huishoudelike reglement alle Afdelings-inkomste en uitgawe;
- iv. Die Bondsbestuur lê elke jaar op die Bondsvergadering voor 'n behoorlik geouditeerde verslag van die Bondskas;
- v. Die Bond se geldelike verantwoordelikheid word deur die Bondsvergadering bepaal. Afdelings is alleen verantwoordelik vir hul administratiewe koste.

XIII.—ALGEMEEN.

- i. Die uitgawe van 'n Blad en geskifte ten behoeve van die verenigings van die Bond geskied deur die Bond;
- ii. Die Leuse van die Bond is die Woord van die Here Jesus (Mat. 25:13): "*Waak*";
- iii. Die Bondswaapen word gevorm deur in 'n ovale ring in te sluit 'n outydse lampie. wat op 'n Bybel staan, met onderaan "*Waak!*"
- iv. Die kleure van die Bondsvlag is wit en koningsblou.

XIV.—REGLEMENTSWYSING.

- (i) Wysiging van hierdie reglement kan alleen aangebring word met volstreekte meerderheid van stemme op 'n ^[85] Bondsvergadering, waarop tenminste twee-derde van die aangeslote verenigings verteenwoordig is.
- (ii) Hierdie bepaling is egter nie van toepassing op Art. 2 en 3 van hierdie Reglement, en ook nie op Art. XIV (ii) nie.

I. STATUTE (Leidraad vir Verenigings).

Omdat daar so dikwels by die stigting van verenigings gevra word na statute, wil ons hier 'n leidraad vir die opstel van statute van 'n vereniging aan die hand doen.

Dit is opgestel na sorgvuldige vergelyking van die statute van o.a. die "Dient Elkaner" J.V. op G.G. van Pretoria, die "Timotheus" J.V. op G.G., van die J.V. op G.G. van Steynsburg en andere.

Ons wil dan aan die hand doen dat die plaaslike vereniging se statute sal lui:—

STATUTE VAN DIE JONGELIEDEVERENIGING OP GEREFORMEERDE GRONDSLAG

TE _____

OPGERIG (Datum)_____

NAAM.

Art. 1.— Die naam van die Vereniging is DIE JONGELIEDEVERENIGING OP GEREFORMEERDE GRONDSLAG ¹⁰

Te _____ Provinsie _____

GRONDSLAG.

Art. 2.—Die Vereniging erken as sy grondslag die Heilige Skrif, na die opvatting van die Drie Formuliere van Enigheid van die Gereformeerde Gemeentes in Suid-Afrika en aanvaar derhalwe ook die toesig van die plaaslike kerkraad van die Gereformeerde Kerk.

DOEL.

Art. 3.—Die doel van die Vereniging is om, ooreenkomstig ons Calvinistiese volkskarakter, sy lede die Gereformeerde beginsels vir Kerk. Staat en Maatskappy te leer ken en bely.

¹⁰ Dit is die naam en daarby hoort nie iets anders soos b.v. "Calvyn" of "Paulus" nie. Dit gaan om **beginsels** en nie om **mense** nie.

MIDDELS.

Art. 4.—Die Vereniging wil sy lede in staat stel om bogenoemde doel te bereik deur middel van vergaderings, wat hulle in die geleentheid stel om hulle onderling te oefen in alles wat kan bydra tot hul vorming vir hul toekomstige roeping, en waarop in behandeling kom Bybelstudie, Belydenisskrifte, Kerkgeskiedenis, Sedeleer, Staatskunde, Vaderlandse Geskiedenis, Maatskappyleer en Kuns.

LIDMAATSKAP.

Art. 5.—As lede van die Vereniging word opgeneem jongmense, wat die leeftyd van 15 jaar bereik het en instemming betuig met die grondslag en doel van die vereniging. Hul lidmaatskap word as vervalte beskou as die vergadering van lede ^[86] oortuig is dat hulle die vergaderings nie trou bywoon, hulle nie ordelik gedra, nie voorbeeldig lewe en nie eendragtlik saam werk vir die bloei van die vereniging en die bevordering van sy doel nie.

ERELEDE.

Art. 6.—As erelede van die vereniging kan op 'n gewone vergadering gekies word die wat hulle buitengewoon verdienstelik gemaak het jeens die vereniging.

BEGUNSTIGERS.

Art. 7.—As begunstigers word beskou almal wat minstens vyf sjielings per jaar bydra.

BESTUUR.

Art. 8.—Die bestuur van die vereniging word deur die vergadering gekies uit sy lede en bestaan uit tenminste die voorsitter, wat 'n belydende lidmaat van die Gereformeerde Kerk moet wees, 'n ondervoorsitter, die sekretaris, die penningmeester en 'n addisionele lid. Hulle word jaarliks gekies of herkies.

STEM.

Art. 9.—Die aanwesige lede stem oor persone met geslote briefies en oor sake met handopsteking. By staking van stemme, word verdere stemming uitgestel tot die volgende vergadering.

VERANDERINGS.

Art. 10.—Watter veranderings ook al mag gemaak word in die statute, artikel 2, 3 en 10 bly onveranderd.

HUISHOUDELIKE REGLEMENT.

- a. Die *tyd en plek* van elke vergadering word vasgestel deur die bestuur.
- b. Die *program* van werksaamhede word opgestel en vir goedkeuring aan die vergadering voorgelê deur die bestuur.
- c. Die jaarlikse *ledegeld* word aan die begin van elke jaar op die eerste vergadering vasgestel.
- d. Die *vereniging sluit aan by die Bond* van Jongeliedeverenigings op Geref. Grondslag in die _____ Provinsie en lê sy statute aan die Bondsbestuur voor, en neem op hom al die verpligtings wat die Bondsreglement neerlê.
- f. Die *vereniging gee sy volle steun aan die Blad* van die Bond van J.V.'s op G.G. in die _____ Provinsie en verlang dat elke lid van die vereniging sal inteken.
- g. Die *pligte van die Bestuur* is as volg:
 - i. Die *voorsitter* is belas met die leiding van die vergaderings, reël die werksaamhede, hou die orde. Hy is stemgeregtig op die vergaderings, sonder 'n beslissende stem.

- ii. Die *ondervoorsitter* neem, by afwesigheid van die voorsitter, die stoel in en oefen dieselfde regte uit as die voorsitter, maar van hom word verwag om die voorsitter in die algemeen by te staan in sy werk.
- iii. Die *algemene bestuurslid* is die plaasvervanger van enige afwesige bestuurslid en staan die ander lede van die bestuur by in hul werk ^[87]
- iv. Die *sekretaris* hou van alle vergaderings, ook van die bestuursvergaderings, behoorlik notule, is verantwoordelik vir die opstel van 'n volledige lys van die lede, erelede en begunstigers, en neem die korrespondensie van die vereniging waar.
- v. Die *penningmeester* is belas met die behartiging van die finansies van die vereniging, doen alle drie maande verslag aan die bestuur en jaarliks aan die vereniging. Sy jaarrapport word geouditeer deur 'n ouditeur wat die bestuur benoem.
- h. *Bondspublikasies* van boeke, pamflette, brosjures, leidrade ens. word deur die lede van die vereniging aangekoop en gebruik.
- i. *Vrae*, wat lede van die vereniging graag wil behandel hê, word skriftelik by die sekretaris ingedien en deur hom aan die bestuur voorgelê.
- j. *Vergaderings* word geopen en gesluit met Skriflesing, Gebed en Psalmgesang. Die beoefening van Bondsliedere, vaderlandsliedere ens. word gedurig aangemoedig, veral in die vergaderings.

J. LEIERSKAP (Leidraad).

Leiding in enige organisasie ter wêreld, is van eersterangse betekenis. Daarom wil ons hier nog die een en ander gee oor Leierskap. Dit is bedoel as 'n leidraad vir die J.V. op G.G.

In algemeen moet tog voorop gaan dat in die J.V. geen ander leiding geld nie as alleen wat die *lede kies*. Dit is van die grootste belang, eerstens dat die lede *bewus* die leiding stel in hande wat dit ook kan opneem. Hulle moet by elke kiesing bewus wees dat dit om die *leiding* van *hul* vereniging gaan. Maar tweedens behoort die lede ook te weet *wat 'n leier* is. Om alleen op ouderdom af te gaan, is verkeerd. Die seniors van die vereniging is lank nie almal leiers nie. Op gevoel, vriendskap, uiterlike van die persoon, mag tog ook nie maar gekies word nie. Die lede van die vereniging behoort derhalwe 'n toets in die hand te hê. Leier kies is nie hoed koop nie, maar die beheerlyn in die skildery aanbring.

Hieruit volg vanself dat elke vereniging daarvan werk moet maak om sy lede op die hoogte te bring, 'n maatstaf in die hand te gee, en te leer om van die verkiesing nie 'n grap te maak nie. Die verkiesing van 'n leier, in watter pos ook, geld die belange van die vereniging en die Bondslewe. Daarom moet dit met erns geskied.

Leiding gee, is ook nie so 'n maklike taak nie. Ons moet dus onthou om so billik as moontlik te wees teenoor diegene aan wie ons die leiding toevertrou. Om leiding te gee en te bly gee, kan nooit as 'n plig beskryf word nie. Dit is veel meer as dit. Leiding gee eis kraginspanning, waartoe alleen liefde, waaragtige liefde tot 'n saak, aandrywing kan gee. ^[88]

Die leierskap van 'n jeugbeweging, in besonder van die vrye jeugbeweging, bring sy eie besondere eise mee. "Het eigenaardig kenmerk van de jeugdigen is dan ook, dat zij zelf willen regeeren, besturen, leiden, "führen," maar dat zij aan den anderen kant ook roepen om leiding, "Führung" "Wir kommen dann zum Herzstück der Arbeit. In der Tat, die Führerfrage ist alles" (Knoppers a.w. dl. I, p. 339). "De jeugd *wil* geleid worden. Dat is de historische, dat is de psychologische, dat is de paedagogische werkelijkheid. Alleen dit is de zaak: de jeugd wil anders geteld worden dan een kind, anders ook dan een volwassene. Zij heeft behoefte aan een leiding, die karakteristiek is aan de zich tot zelfstandigheid ontwikkelende persoonlijkheidskern." Dit is wat ons bedoel met

besondere eise. Knoppers beskryf dit duidelik genoeg. Leiers en lede van verenigings behoort dit gedurig in gedagte te hou, maar veral by die verkiesing van hul leiers.

In besonder wil ons daarop wys dat daar wel in elke gemeenskap sulkes is, wat 'n mate van leiding gee, maar daaroor gaan dit nie. Alleen wil ons dit opmerk, dat hierdie leiding op verskillende maniere ook in elke vereniging uitgaan. Gedurig gaan daar van sekere lede 'n mate van leiding uit, terwyl hulle daarvan so goed as nie bewus is nie. Hulle beteken vir die vereniging baie meer as wat ons meestentyds bereid is om toe te gee. Maar hierdie leiding of invloed kan ook nog op 'n ander manier werk. Daar is die sulkes, wat 'n egoïstiese doel daarmee het. Hulle eintlike doel is om hulleself as die erkende of gekose leiers te laat sien. Hierdie mense is gewoonlik opportuniste en is gevaarlik. 'n Derde soort is die, wat altyd agteraf stook en dan ander voorstoot. Hulle is die kanker van die gemeenskap.

Dit gaan hier egter oor 'n *opgelegde leiding*. Hier gaan dit oor die leier of voorsitter, wat deur die lede in die posisie gestel is, en also "door deze acte, door de leden zelf met gezag bekleed. Dit soort autoriteit heeft men wel aangeduid met de benaming: "gezag uit vrije keuze." En een leider van een vereeniging heeft dit gezag dan over al de leden, zoolang ze lid zijn en zoolang hebben dezen zich ook aan hem te onderwerpen. Voorzeker, die onderwerping aan de leiding, aan de orde en de tucht, die door hem gehandhaafd wordt op de vergaderingen en in het onderlinge verkeer der leden, is vrije keuze, maar dat gezag als zoodanig, het aanwezig zijn daarvan, is niet iets, dat zij zelve gesteld hebben, maar dat in het wezen van een goed functioneeren van een organisatie ligt besloten, daarvan een noodzakelijk en onmisbaar element uitmaakt, *iets door God zelf in de menschelijke sameleving ingeschapen.*" (Knoppers a.w. dl. I, p. 345.—Ons onderstreep).

Die leier of voorsitter is daarom ook vir die J.V. op G.G. nie maar die kneg van die menigte nie, maar een wat beklee word met 'n gesag, wat God in die gemeenskap gegee het. Dit maak die leierskap vir die leier en vir die, wat gelei word, iets van waarde, maar word ook so uitgewys as 'n gesag van eie struktuur, wat ^[89] leier en geleides moet eer as 'n gawe van God, die Skepper van die heelal. wat alles goed gemaak het.

Dit pas uitnemend in by wat ons reeds gevind het ten opsigte van die J.V. op G.G., nl. die verenigings "zijn vrije, zelfstandige Vereenigingen. Zij gaan niet uit van de ouders, noch van de Kerk, noch van eenige politieke of sociale organisatie. Zij worden krachtens eigen initiatief opgericht; de bestuursleden worden door de leden zelf gekozen, de voorzitter is één uit hun midden; besluiten, regelingen, werksaamheden, het gaat alles van hen zelf uit." (Knoppers a.w. dl. I, p. 349).

Watter eise vir die leierskap moet in ag geneem word?

1. *Sy uiterlike verskyning*: "zijn uiterlijk moet "acceptabel" zijn, waarmede hier niet alleen bedoeld is zijn aangezicht, maar meer zijn kleding, lichaamsverzorging, spreken, vormen en marüeren, daden. Hij mag echter ook weer niet een dandy zijn of een geaffecteerde Natuurlijkheid en eenvoudigheid, dit zijn de deugden, die den jeugdige krachtens zijn leeftijd aantrekken". (Knoppers a.w. dl. I, p. 355). Meer wil ons hieroor nie sê nie.
2. *Persoonlikheid*. Dit is 'n baie ernstige vereiste. Ons bedoel dit in die goeie sin van die woord. As leier moet hy selfstandigheid besit, maar ook geestelik-sedelik uitstaan tussen sy medeledes.
3. *Leier-eienskappe besit*. Die ware leier is 'n gawe van God. Die een besit dit in 'n meerdere en die ander in 'n mindere mate. Die een misbruik dit, terwyl die ander dit begrawe. In elk geval ons moet in die leier so iets van die *aangebore leierskap* vind. Dit moet voorop gaan.
4. *Tak*. Dr. C. P. Gunning (Aangehaald deur Knoppers a.w. dl. I, p. 356) "rekent tot tact drie dinge:

- a. De opvoeder moet geladen zijn met kalmte, die weer onderscheiden is in gelijkmatigheid en in vastheid. Met gelijkmatigheid wordt bedoeld, dat men in zijn optreden toont, wat men wil en met vastheid dat men het wil. Deze kalmte of zelfbeheersing sluiten weer in rechtvaardigheid en vertrouwen, geloof in de roeping.
 - b. De leider moet geladen zijn met vreugde, welke nog niet jolijt is.
 - c. De leider moet geladen zijn met geloof, hoop en liefde.
5. *Moet roeping voel.* Die wat geroep word om leiers te wees, moet diep en stil in hulle omdra die oortuiging dat hulle nie anders kan nie as die leiding neem, dat dit God is wat hulle tot die grootste en swaarste roep, waartoe die leiding hulle dryf. ^[90]
 6. *Liefde en toewyding.* Daar moet by die leier liefde wees vir jongmense, vir hul saak, maar bo alles vir die saak van God in die jongmense en hul belange—'n liefde, wat daarin sy hoogte bereik dat niks te kosbaar is nie om op die altaar te lê en in die vlamme te laat opgaan. Laat ons maar weer 1 Kor. 13 lees.
 7. *Nie te jonk en nie te oud wees nie.* Reeds as gewone eis stel die J.V. op G.G. dat die voorsitter 'n belydende lid van die Geref. Kerk moet wees. Daarom is dit nie raadsaam om die leiding aan 'n te jeugdige te gee nie. By sulkes ontbreek nog te veel ervaring, besonkenheid, kalmte ens. As die leier of voorsitter weer te oud is, kan hy nie meer saamleef met die jongmense nie. Hy kan nie meer die vuur en ywer, wat die jeug laat ontvlam en waardeur hulle aangevoer word, openbaar nie.

In algemeen wil ons hieraan nog net toevoeg 'n woord van Prof. Bavinck, deur Knoppers aangehaal (p. 357, dl. I). Bavinck stel die volgende eise:

- a. Hy moet die stof wat behandel word, goed ken, die betekenis helder in sien en dit op 'n aangename wyse voordra;
- b. Hy moet weet om die stof so te behandel dat hy daarvoor belangstelling opwek;
- c. Hy moet sy taak opgewek verrig en daardeur die siel van die jongmense na hom toe aantrek.

Tenslotte in hierdie verband nog die volgende wat die leierskap tog so baie kan verlig en maklik maak. Dit is naamlik dat ons nie moet uitgaan van die gedagte dat binne die grense van een gemeente ook maar net een J.V. op G.G. bestaansreg het nie. As ons verenigings nie so groot is en die lede daarvan nie so ver uitmekaar verspreid is nie, het ons hierdie drievoudige voordeel: (a) dat die vereniging al die jongmense van die omliggende vergaderings kry. Loslopers doen skade en het 'n verlamme invloed op die lede van die vereniging; (b) in 'n vereniging, wat nie so groot is nie, kry die lede almal beurt om vir hul vereniging te werk, aktief deel te neem. As daar 'n menigte lede is, wat in jare geen merk te doen het nie, verloor hulle alle belangstelling; en (c) vir die leier of voorsitter is dit tog baie makliker om 'n vergadering, wat nie so groot is nie, te lei. As daar verskillende verenigings is, kom daar ook soveel meer leiers. En wat kan die jeugbeweging meer dien as getroue leiers?

Dr. Knoppers (a.w. dl. I, 351) sê: "Om goede leiding te kunnen geven, is noodzakelijk, dat *de vereeniging nie te groot in ledental is*. Dit is ook nodig voor een goed functioneeren van het vereenigingsleven. Het getal 25 á 30 schijnt het meest gewenschte te zijn."

K. ONDERVERDELING.

Ten einde alle lede aan die werk te kry, die werk self op 'n beter peil te bring is onderverdeling van die werk onder afdelings van die lede ter hand geneem. Om die J.V.'s 'n leidraad in ^[91] hierdie opsig te gee, vertaal ons uit Knoppers (a.w. dl. I. p. 351) die volgende:—

In sommige kringe word besonder aanbeveel "club-vorming" binne die vereniging. Dit is dan klein kringetjies, waartoe nie meer as 8, hoogstens 10 lede behoort. Dr. L. Berger het oor "Clubvorming in het jeugwerk" 'n referaat *gehou en* daarby gesê:

1. Die groeppvorming is nie 'n hedendaagse kulturele verskynsel nie; ook by die primitiewe volke en die diere tref ons dit aan;
2. Ook die bendeforming deur seuns in die groot stede wys op 'n drang tot groeppvorming;
3. Klubwerk bring selfwerkzaamheid van die jeug mee, en kan dus alleen toegepas word, *waar 'n mens* die jeug tot selfwerkzaamheid wil opvoed;
4. Klubwerk is dus buitengewoon geskik vir toepassing in die puberteitsjare;
5. Klubwerk beantwoord aan die aard van die seun en die dogter en bied vir die opvoeding verskillende voordele wat die jeugwerk sonder klubs mis;
6. Die klubwerk vergemaklik die leiding van die leier, maar stel ook vir hom besondere eise;
7. Die klubwerk maak dit moontlik dat jeugverenigings 'n groter aantal jeugdiges kan opneem;
8. Om die in die vorige stelling genoemde rede, is die klubwerk vir jeugverenigings, wat hulle meer op massa- as op kerk-vorming toelê, van die grootste betekenis;
9. By klubwerk is daar enkele gevaarlike klippe wat vermy moet word, as dit die resultaat moet oplewer, wat daarvan verwag word.

Die leier van die vereniging wat moet aanwys watter seuns (dogters) saam 'n klub sal vorm, moet daarby let op karaktereienskappe en temperament, kennis of liefhebberij vir 'n bepaalde vak en die leeftydsgrense. Sulke klubs het dan meesal 'n eie bestuur, waardeur aan die wens van selfwerkzaamheid tegemoet gekom word en die seuns deur die klubs, waarin hul eie lewe meer op die voorgrond kom, ook meer aan die groot verenigings verbind kan word.

Die klubleier is die ouere, of deur die klub self aangewys of deur die verenigingsleier benoem. Die verenigingsleier vergader op gesette tye met die klubleiers vir bespreking van die *gemeenskaplike* verenigings- en die afsonderlike klubwerk. So sal dan in 'n vereniging van 32 lede 'n viertal klubs heeltemal goed werk. As die groot voordele van hierdie organisasie word genoem:

- a. Oorsigtelik vir die leier;
- b. Hy bly op die hoogte met die arbeid van die klubs; ^[92]
- c. Hy hou gereeld kontak met die klubleiers en bly op die hoogte met alle klub-aangeleenthede;
- d. Hy leer die klublede ken en hulle kom, behalwe met die klubleier, ook in aanraking met die verenigingsleier;
- e. In oorleg en in samewerking met die 4 klubleiers sal die verenigingsake spoedig bespreek word en eventueel uitgevoer kan word (Klubraad).

En terselfdertyd is daar die voordeel dat in die toekoms uit die klub- of hulpleiers die toekomstige leiers vir die groot verenigings gekweek en gekies kan word. Klubleiers is dus uit die aard van die saak jongeres. Hulle word in die reël gekies op die leeftyd van 19-23 jaar Die skema vir so 'n klub (lees-, musiek-, sang-, wandel-, damklub ens.) word as volg opgegee:

- 1 klubleier;
- 1 sekretarispenningmeester;
- 1 algemene adjunk;

5 lede.

Dus altesaam 8 lede.

Dit spreek vanself dat die verenigingsgebou geskikte geleentheid moet bied vir die vergaderings en die werksaamhede van die klubs. Tot die belangrikste middele van die vrye jeugvorming behoort die klubhuis of lokaal en die nadruk moet daarop gelê word dat die lede self vir die inrigting van die lokaal moet sorg.

In die Bond van Jongelingsverenigings is hier en daar ingevoer die sogenaamde *seksiestelsel*. 'n Seksie is 'n onderafdeling van die vereniging, wat hom besig hou met 'n onderdeel van die werkprogram, sodat deur hierdie arbeid die vereniging nog beter aanpas by sy doel. Die onderwerp wat in die volle vergadering aan die orde kom oor gewyde geskiedenis, politiek, maatskappy ens., word eers op die seksievergadering bespreek en word daar in 'n kleinere kring, aan die hand van 'n inleiding (meestal volgens toerbeurt) deur een van die lede, behandel. Dit bied die geleentheid vir die jong lede om makliker hul deel by te dra as in die groot vergaderings. Ook bied dit die voordeel dat die inleier, wat rekening hou met die besprekings op die seksievergadering, goed toegerus in die vergadering van die vereniging optree. In 'n vereniging van bv. 30 lede sou 3 seksies gemaak kan word: 1 vir Skrifstudie en Geloofsleer; 1 vir geskiedenisvakke; 1 vir politieke (staatkundige) en sosiale onderwerpe. Die getal kan natuurlik maklik verder uitgebrei word. As minimum aantal lede vir 'n seksie word gereken 5 en die maksimum 10. Het dit gelyk of hierdie stelsel, 'n soort klubvorming met 'n eie karakter, in onderskeiding van die eintlike klubstelsel, baie groot opgang sou maak, dit het egter geblyk dat hierdie seksievorming nie tot ontwikkeling gekom het nie en dat dit bepaald gebly het by die grotere verenigings in die stede.

LIEDERE

Enkele vir gebruik van J.V.'s

WAAK

WAAK!

The image displays a handwritten musical score for the hymn "WAAK!". The score is written on ten staves, organized into five systems of two staves each. The key signature is G major (one sharp, F#) and the time signature is 2/4. The notation includes various musical symbols such as treble and bass clefs, notes, rests, and dynamic markings like *mf* (mezzo-forte) and *f* (forte). There are also tempo markings: *And. e moder.* (Andante e moderato) above the fourth system and *Allegro* above the sixth system. The handwriting is in ink on aged paper.

WAAK!

(Wysie: Der Eng'len Vreugd, in Neerbosch 1, 63).

WAAK, waak, waak is die goue skrif in u vaandel!
Waak, waak, waak is die MERK-woord op u pad!
Wend u oog waar u wil, orals staan die merkwoord waak!
Waar tog is grond so vas, wat u voete veilig maak?
Net die Woord van God is gerotste grond,
Soos u Bond dit lê in die jeug se mond,
Die lede maan en van jongsaf leer—
In elke hart graveer!

Waak, waak, waak is die goue skrif in u vaandel!
Waak, waak, waak is die WERK-woord van u jeug!
Laat u lamp aanhou brand, strakkies wink hy maak my reg;
Dis tog waar, altyd waar, langsaam brand sy olie weg.
Net die Gees van God hou die lewenslamp
Altyd vol en reg in u arbeidskamp;
Gee lig en liefde vir elke taak
En maak u werk-woord waak.

BONDSROEP.

(Wysie: Die Wacht am Rhein, F.A.K. Bundel 14 en Neerbosch 1, No. 2).

KOM, Bondsmaats, steek die vuursinjaal
Tot op die verste koppies aan,
En roep die ruiters in die saal!
Laat dan die boodskap dringend gaan:
Vir jou, vir jou, kan ons nie mis! (Bis).
Jou krag moet help die dag, die dag, beslis! (Bis).

Die vyand rig sy aanvalskrag
Op ons en jou tog dodend aan!
Wat baat ons dan verdeelde mag?
Kom, gord jul wapens almal aan.
Vir jou. vir jou, kan ons nie mis! (Bis)
Jou krag moet help die dag, die dag, beslis! (Bis)

DIE CHRISTENNAAM.

(Wysie: *Waar Tafelberg Begin*, F.A.K. Bundel 44).

EK dra die Christennaam, die enig-mooie naam,
En duisend duisendes roem daarin met my saam.
Geskryf met lydensvuur, deur storme blink geskuur,
Behou die Christennaam sy waarde uur na uur.

Ek dra die Christennaam, 'n onbevleete naam,
Wat my, hoe wankelswak, tog nooit nie sal beskaam:
My burgerskap lê vas in God se bergeland,
En daarheen lei die Christus my met eie hand.

JEUGLIED



WAT beef soos sonskyn in jou siel?
Wat byt soos gisting in jou murg?
Wat spin, o Jeug, jou wentelwiel . . . ?
Uit duisend monde vloed die roep:
Excelsior, excelsior, excelsior!

Wat oog jy verste-vertes af
En wandel toekomsbruising na,
As Hoop se morester al draf
Om all's met sonlig vol te skryf:
Excelsior, excelsior, excelsior!

Wat voer jou wa soos onweer aan
En dryf jou perde weerligvlug
Verby die troon van son en maan . . . ?
Jou Jeug, oneindig in Geloof:
Excelsior, excelsior, excelsior!

NEEM OP U KRUIS



NEEM op u kruis, gebied die Heer;
Vir almal, ryk en arm, sê Hy:
Neem op u kruis met al u krag
En volg met selfverloëning my!

Neem op u kruis en skaam u nooit
Vir wat my eer van u mag vra.
Neem op u kruis en leer van my
Dat liefde niks ondraaglik vra!

Neem op u kruis, hoe hard en swaar,
En dra dit nader aan my kruis;
Neem op u kruis en win die kroon
Wat uwe bly'in die vaderhuis!

GETROU

GETROU.

Harmoniëring: Mev. A. Venter.



GEE my net 'n stukkie grond
Oral in die wêreld rond,
Ek buig my krom
En kap dit om—
Net waar, net waar ek kom.
Ek bly by jong Suid-Afrika,
Suid-Afrika!

Smyt my hoe ook rond en bond;
Slaan my neer op harde grond,
Ek maak 'n plan
En staan my man—
Net waar, net waar ek kan.
Ek bly by jong Suid-Afrika,
Suid-Afrika!

EER JOU SKEPPER



SING jou danklied,
Sing jou danklied uit jou hart:
Lente's jy van die geslag
Wat al herfs in dag en krag!
Sing jou danklied,
Sing jou danklied uit jou hart!

Sing jou jeuglied,
Sing jou jeuglied vrylik uit:
Son en sterre's jonk soos jy;
Lewe'n liefde bly gety!
Sing jou jeuglied,
Sing jou jeuglied vrylik uit!

Eer jou Skepper,
Eer jou Skepper in jou lied:
God, jou God, is absoluut
Eenmaal maak Hy alles nuut!
Eer jou Skepper,
Eer jou Skepper in jou lied!